

idees

MAAK SELF JOU WÊRELD MOOI

HERFS 2026 • No. 051
• RSA R110,00 (R14,35
BTW ingesluit) • Namibië
N\$115,00

Maak reg vir herfs!

✿ **HEKEL** 'n mosaïekstyl kussing
✿ **STIK** 'n jassie vir jou stoel én **BREI**
een vir jou woef ✿ **KWILT** 'n erfstuk
vir jou bed ✿ **VERF EN BORDUUR**
botaniese pragstukke ✿ **MAAK** ons
kabel-oortrui

PLUS TAKEL SLIM,
KLEIN PROJEKTE
MET 'N GROOT
IMPAK

PAMPOEN-PLESIER!
Heerlike resepte én die
oulikste saadbroodjie

**MAAK 'KUNSMATIG' DEEL VAN JOU KUNS –
ONS GEE WENKE OOR HOE OM KI TE GEBRUIK**



9 771680 304009

06235





idees

HERFS-UITGAWE

MAAK SELF JOU WÊRELD MOOI

OP DIE VOORBLAD

- 38** Verf en borduur botaniese pragstukke
50, 54 Stik 'n jassie vir jou stoel én brei een vir jou woef
58 Hekel 'n mosaïekstyl kussing
62 Takel slim, klein projekte met 'n groot impak
70 Maak ons kabel-oortrui
74 Kwilt 'n erfstuk vir jou bed
92, 104 Pampoen-plesier! Heerlike resepte én die oulikste saadbroodjie
114 Maak 'kunsmatig' deel van jou kuns – ons gee wenke oor hoe om KI te gebruik

HANDWERK & DEKOR

- 12** Eilandhuis elke seisoen die perfekte uitspanplek
24 Groot leefvertrek tot klein sithoekie: Ses mooiste style
38 Vernuwe jou woonplek met pragtige herfskleure: Vier handwerk- en naaldwerkprojekte
50 Stik 'n los oortreksel vir jou stoel
51 Kleur lap en versier dit met borduurwerk
52 Kalkwas 'n muur in 'n paar maklike stappe
54 Brei 'n hondebaadjie met die *log cabin*-metode
58 Hekel 'n kussing met 'n mosaïekpatroon
70 Brei 'n moulouse oortrui met kabelsteke
74 Kwilt 'n kombers om te koester
82 Leer 'n Arcadia-afghaan-blomvierkant hekel

KOS & ONTHAAL

- 92** Pampoen in van pasta tot crème brûlée
104 Bak 'n broodjie wat soos 'n klein pampoentjie lyk

VOORBLAD

STILERING HANNES KOEGELBERG FOTO ED O'RILEY

20

PROJEKTE
OM AAN
TE PAK



MINDER-AS-'N-DAG-PROJEKTE

- 62** Verf en versier 'n doodgewone metaalsytafeltjie
63 Maak vars snyblomme deel van jou muurkuns
64 Verander 'n ou koppie in 'n fraai hanglamp
65 Versier lapmotiewe met ponsnaaldwerk
66 Découpage 'n 'pophuis'-bedkassie
68 Hang gordyne in 'n elegante oorkruis-effek
69 Maak 'n ligskakelaar deel van die prentjie

JOU LEWE

- 11, 37, 91** Woorde wat jou elke dag sal inspireer
30 Maak jou oë toe en luister na jou huis se klankbaan
86 Begin skep en geniet dit – jy's uniek kreatief!
108 Ons praat granaat, die vrug van die gode
114 Handgemaak is gesog – laat KI jou help
126 Júl idees: Ons lesers skryf vir ons

IN ELKE UITGAWE

- 06** Van die redakteur
07, 09, 88-89, 106-107, 116, 119, 121 Kreatiewe blaaië vir knip, inkleur en gebruik
122 Boeke vir jou leeslys
129 Teken op *Idees* in en spaar



42

VORM BAKKIES UIT KLEI



54

BREI 'N WOEFJASSIE



102

BAK KARAMEL-EN-PAMPOENROLLETJES



50

STIK 'N STOELOORTREKSEL



93

PAK 'N HERFS-SLAAIBORD



66

DÉCOUPAGE 'N POPHUIS-KASSIE



70

BREI 'N KABEL-OORTRUI



62

KIKKER 'N SYTAFELTJIE OP



74

KWILT 'N ERFSTUK

OM TE
MAAK



ONS IS OP FACEBOOK
facebook.com/IdesSA



... EN INSTAGRAM
instagram.com/ideasmagazine

VAN DIE REDAKTEUR

KONTAK MY BY

terena@ideasfactory.co.za
instagram.com/terenaleroux



Ek vou 'n paar bloesies op wat ek nou al jare lank nie meer dra nie. Pragtig en koel soos hulle is, kan ek myself net nie meer sover kry om so heeltemal mouloos die wêreld in die oë te kyk nie. Pak hulle in hulle 'gee weg'-sakkie. By die deur staan stiletto's wat ek met die laaste uitgooi nog as 'te mooi om uit te gooi' geklassifiseer het, maar met tyd voel 'n mens minder verknog aan jou ou goed. Dis tyd om te gaan. Daar is nou ander goed waarvoor ek plek moet maak. My eie seisoene verander nes die seisoene daarbuite en ek en my kas pas aan. Jy kan nie vir altyd aan die somer vasklou terwyl jy omring is deur die allermooiste herfsblare nie.

Net so pas die huis ook elke jaar hierdie tyd aan. Matte word skoongemaak en uitgerol en die bed kry die eerste laag vintage linne oor wat van Oktober af weggepak is. Vensters wat in die somer kaal gelos is om die son in te laat, kry nou 'n gordyn en die kniekomberse word solank gewas om in 'n enemmekom in die sitkamer gereed te wees vir koeler aande.

Selfs die koskas begin anders lyk. Meer meel vir roti's en lasagne en pannekoek. Dan ook genoeg kaneel en kardemom vir die bredies en melkkos. En as ek so na die resepteblaaie kyk, beslis vir Louisa se pampoengeregte en Tani se oulike pampoensaadbroodjie.


Soos die projekte vir hierdie uitgawe begin inkom het, het ons almal opgewonde geraak oor die koms van die kouer maande. Die mooi jassies vir Elsbeth se elegante saloekei-hond, Lilly, en vir die ou Franse stoel, die pragtige hekelkussing en kabel-oortrui. Om nie te praat van Dewald se lieflike kwilt waarvoor julle nou genoeg tyd het voordat die winter met ons is nie.

En wanneer jy jou dosis kreatiwiteit en werk vir die dag ingekry het, kan jy rustig terugsit en net luister na die klanke van jou huis en van die nuwe seisoen.

Tot volgende keer.

Terena

FOTO VAN TERENA: ED O'RILEY • HARE EN GRIMERING:
LISA SAVEN • STYLING: HANNES KOEGELEBERG



REDAKTEUR Terena le Roux
E-POS terena@ideasfactory.co.za

ATELJEE & NAALDWERK Dala Watts

BEMARKING & GELDSAKE Marweya Small

NAVRAE marweya@ideasfactory.co.za

TAALWERKERS Johan van Zyl, Marié Smidt
en Natasia Lochner

STILERING Hannes Koegelenberg en Carin Smith

FOTO'S Ed O'Riley, Marijke Willems
en Anelle Britz

MEDEWERKERS
KOS Louisa Holst en Tani Kirsten

HANDWERK & SELEDÖEN Carin Smith

ARTIKELS Ilse Zietsman, Elsa Krüger,
Martie Swanepoel en
Louise Janovsky

NAALDWERK Dewald Compion, Marica Perreira,
Elsbeth Eksteen, Elizabeth Fester,
Jen Tyler en Cornel Strydom

REPRODUKSIE Willie Koen

SOSIALE MEDIA Carien Eloff

UITGEWER & VERKOPE Terena le Roux

IDEES FABRIEK

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die skriftelike toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies in die tydskrif akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir verlies, skade of ongerief wat daaruit spruit nie. Die redaksie behou die reg voor om veranderinge te maak aan materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir skade aan of verlies van die materiaal nie. Met druktyd was die pryse vir gepubliseerde produkte en dienste korrek.





The image features a central white rectangular frame containing a Dutch proverb. To the left of this frame is a large, detailed pencil sketch of a church with a tall, pointed steeple and a surrounding fence. To the right is a smaller, light-colored wooden frame containing a sketch of classical architectural elements, including columns and a pediment. Above the central frame, the corner of another wooden frame is visible, showing a sketch of a landscape with a fence and trees. The entire composition is set against a plain, light-colored wall and rests on a rustic wooden surface.

My slegste
finansiële
besluit ooit
was om
smaak
te ontwikkel.



VOLG DIE SON

teks ROBYN ALEXANDER foto's GREG COX
stilering TILLE DEL NEGRO almal vir bureaux.co.za

LINKS: Die uitsig vanaf die deuropening van die gastesuite langs die swembad wys die natuurlik geïnspireerde lyne, amper soos kontoere op 'n kaart, van die landskapsontwerp in die buitgedeelte. Die oppervlakke van gegote beton en klip wat met die hand gelê is asook die aanplantings en dekoratiewe elemente soos die fontein werk saam om 'n harmonieuse ruimte te skep waar almal welkom voel.



Hierdie huis in die skilderagtige dorpie Sóller op die Spaanse eiland Majorka is die perfekte vakansiehuis, seisoen ná seisoen.



REGS: In die kombuis baken 'n verweerde, onbehandelde houtbalk die 'skoorsteen'-gedeelte bo die stoof af waar die suigwaaier geplaas is. Die werkblaaie en kombuiseiland is afgewerk met tekstuurryke natuurlike klip. Die kasdeure is van hout wat afgewit en toe afgeskuur is.

In die nou straatjie gee 'n diskrete hek 'n mens toegang tot hierdie eiendom. Soos in vele ander dele van dié historiese dorp is die straat net breed genoeg vir een motor. Die metaalhek is donkergroen geverf – net soos die huis se ewe tradisionele luik – met skarnierdeure wat terugvou om motors toegang te gee en 'n kleiner ingang vir voetgangers wat deel uitmaak van die groter hek.

Ná die taamlik beknopte straat en ingang kom die uitsig anderkant die hek as 'n groot verrassing: Om die kant van die huis lê 'n uitgestrekte tuin, 'n lieflike swembad en 'n buiteleefgedeelte wat die oog outomaties trek na die indrukwekkende Tramuntanaberge wat daaragter lê. Dit sorg onmiddellik vir 'n gevoel van rus en kalmte.

Oorkant die ruimte reg voor die huis is growwe keisteen, meestal sonder enige voegbry, gebruik wat die klein, geharde grondbedekkers toelaat om hierdie gedeelte oor te neem en die huis in die landskap te anker. Bo-op en tussen die ou klippilare is balke geplaas waarteen die rankplante reeds flink opkruip.

Langs die swembadarea is 'n groot ingeboude tafel van gegote beton – iets waarvoor die ontwerper Oro del Negro besonder lief is. 'Dit was 'n liefdestaak om te maak,' sê hy, 'en die beste is dat dit mooi gaan verouder – oor tien jaar gaan dit selfs beter lyk as nou.'

Agter die tafel, langs die muur van wat vroeër 'n buitegebou was, is daar ingeboude klipsitplekke (met kussings oorgetrek in seilmateriaal), en aan die teenoorgestelde kant 'n eenvoudige houtbank.





LINKS: Die eetgedeelte grens aan die kombuis met die sitkamer – op 'n effens hoër vlak – wat aan twee kante sigbaar is anderkant die trap. Onder die trap is die ingang na die ou stoorkelder onder die huis, en die trappe self het steeds hulle oorspronklike kliploopvlakke en stootborde wat met tradisionele Majorkaanse patroonteëls afgewerk is. Die rustieke houttafel word aan twee kante omring deur ingeboude sitplekke.



Die eetgedeelte buite beskik oor 'n ingeboude tafel met 'n natuurlike klipbasis en 'n gegote betonblad. Aan twee kante van die tafel is ingeboude bankies met sitkussings wat in seilmateriaal oorgetrek is. Aan 'n derde kant van die tafel is 'n eenvoudige houtbank wat deur die Majorkaanse ambagskrynerwerker Pedro Casanovas gemaak is.

'n Rustieke houtpergola bo die tafel bied ondersteuning aan nog welige plante asook keramiekbuisligte. Dit is die perfekte plek om buite te onthaal op die lang, warm somersaande.

Die res van dié gebou is omskep in 'n gaste-suite langs die swembad met 'n ruim ingeboude bed, 'n en suite-badkamer en glasdeure met metaalrame waardeur 'n mens in die bed kan lê en uitkyk oor die tuin en swembad voordat jy dalk gaan induik om af te koel.

'n Mens kom die huis self binne deur die oop-plankombuis-en-eetgedeelte op die grondvloer. Die kombuis is elegant en eenvoudig en redelik kompak met die kombuiseiland in die middel wat spog met 'n pragtige werkblad van verweerde natuurlike klip. Die ander werkblaaie is van dieselfde klip met 'n ingeboude vlak reghoekige wasbak. Aan die agterkant van die kombuis word 'n verweerde houtbalk gebruik om die gepleisterde 'skoorsteen'-gedeelte af te baken wat die suierwaaier bo die stoof huisves.



LINKS: In die ontspanne sitkamer is 'n sitgedeelte rondom 'n houtstoof ingerig aangesien die winters hier nogal koud kan wees. Ligkleurige Pandomo-mikrosementvloere (pandomo.com.au) en meubels wat in wit linne gestoffeer is, word gebalanseer deur 'n houtkas, geweeftde grasmatt en 'n houtkoffietafel.



Die klassieke meubels in die sitkamer is in wit linne gestoffeer. Deur die gerestoureerde hout- en glasstoepdeure is die bedekte buitelug-ontspanningsgedeelte sigbaar.

Waar moontlik is die tradisionele materiale in die huis behou, soos die kliplooppvlakke van die trappe wat al baie lank hier is. Dit was belangrik om sulke materiale te bewaar en natuurlike, plaaslike materiale te gebruik waar nuwe elemente bygevoeg moes word. Nog voorbeelde van dié keuses in die kombuis-eetgedeelte sluit in rustieke houtswееfrakke, verweerde houtkasdeure en pragtige mikrosementvloere.

Direk langs die kombuis is 'n eetgedeelte met ingeboude sitplekke aan twee kante van die vierkantige houttafel. Aan die een kant is stralingsverhitters in die rugleunings ingebou – dit maak dit 'n heerlik knus

kuierplek gedurende die wintermaande, wat in Sóller nogal koud kan wees aangesien die Tramuntanaberge gereeld met 'n sneekombers spog. Ook in hierdie ruimte, weer teen 'n warmer langs 'n muur, is 'n ingeboude bank – dis die ideale plek om te ontspan terwyl jy met die kok gesels.

Met 'n kort stel trappe na bo – met kliplooppvlakke en stootborde en muurrande wat met tradisionele Majorkaanse patroonteëls afgewerk is – bereik jy die sitkamer, wat twee sitgedeeltes het. Die een is meer geskik vir kuier en is rondom 'n houtstoof ingerig, terwyl 'n meer private hoekie ideaal is vir lees en ontspan.

REGS: Die hoofslaapkamer op die eerste verdieping van die huis beskik oor tradisionele houtdakbalke en 'n oorspronklike klipteëlvloer. Houtbinneluik word in plaas van gordyne gebruik en die dekor word eenvoudig gehou. Die bedkassielampe is gemaak deur elektriese kables met klassieke gloeilampe om rustieke houtpenne te draai wat in die mure ingebou is.



In die en suite-badkamer van die hoofslaapkamer rus 'n paar klipwasbakke bo-op 'n ingeboude wasblad. Die uitsig deur die venster wys die agterkant van die huis, wat direk aan 'n stil, smal dorpstraat grens. Die handgemaakte bêremandjies is tipies Majorkaans: soortgelyke weergawes kan oral op die eiland gekoop word.

Hier is die styl van die meubels klassiek, maar dit voel informeel danksy die tekstuurryke wit linne waarin dit gestoffeer is.

Verder op teen die trap wag die private ruimtes: Direk links van die bopunt van die trapreling is nog 'n versteekte hoekie met 'n ingeboude dagbed en rakke boordens toe vol boeke – net die plek om jou van die wêreld te onttrek. Hierdie ruimte bied ook 'n speelplek vir kinders, aangesien die een kant daarvan lei na 'n klassieke kinderslaapkamer vir vakansies met drie enkelbeddens wat in koshuisstyl langs mekaar geplaas is. Om in een van hierdie beddens te lê en op 'n somersaand te hoor hoe iemand een van jou gunstelingstories voorlees, is dalk die perfekte kindertydherinnering ...

As jy regs draai aan die bopunt van die trap, is jy in die ruim hoofslaapkamersuite, met verweerde klipteëls op die vloer en oop houtdakbalke wat tipies is van tradisionele Majorkaanse argitektuur. Die en suite-badkamer spog met handgevormde gepleisterde bad- en storteenhede, 'n paar klipwasbakke en oorgenoeg eenvoudige oop bêreplek. Deur die vensters aan die voorkant van hierdie vertrek het jy 'n pragtige uitsig oor die tuin en die Tramuntanaberge, terwyl dié aan die agterkant uitkyk oor die straat agter die huis. Net 'n kort entjie te voet hiervandaan wag al Sóller se bekoorlikhede: mooi pleine, aanloklike restaurante en winkels, pragtige kerke en die dorp se geliefde ou trem wat steeds passasiers vervoer na en van Port de Sóller aan die nabygeleë kus.



Die leeshoek op die eerste verdieping wat ook as kinderspeelkamer dien, spog met 'n ingeboude houtdagbed en lei na die kinderslaapkamer. Die ou klipsteëls op die vloere in die private ruimtes van die huis het die blink, verweerde patina wat net moontlik is met baie jare se gebruik.



'n Buitestort in 'n hoek van die tuin is perfek om af te spoel ná 'n swem in die soutwater-swembad. Die gastekamer langs die swembad, wat in 'n ou buitegebou naby die huis geleë is, het 'n ingeboude bed en sy eie en suite-badkamer.

Die *volgende stap* in onderhoud Die Woodoc-Manier

NUUT



*Die een met
die groen strook*

Nuwe Woodoc DECK Dressing MAINTENANCE is 'n laeglans-, kleurlose produk wat die doeltreffendheid van hardhoutdekke en -trappe voorheen met Woodoc DECK Dressing behandel, onderhou en ondersteun.

Dit is die volgende stap in onderhoud sonder om die hout te verdonker.

- Trappe voorheen met **Woodoc DECK Dressing (Golden Brown)** behandel.

Woodoc®
KOS VIR HOUT™

Woodoc Kliëntediens: Vir vriendelike, persoonlike hulp en advies, skakel Tolvry 0800 411 200, gedurende kantoorure.

www.woodoc.com

WhatsApp +27 66 302 4702

Skandeer die kode vir volledige besonderhede oor Woodoc se reeks Onderhoudsprodukte en "hoe-om-te-doen"-advies.



SIT-SIT SO SALIG!

Ons sitkamer is die eerste vertrek wat gaste sien en ook waar ons baie van ons tyd deurbring. Hier is 'n paar idees oor hoe jy joune mooi kan maak, wat ook al jou styl of smaak is.

teks DALA WATTS foto's TAVERNE AGENCY, BUREAUX en GETTY IMAGES



WIT SOOS 'N WOLKIE

Wit laat 'n vertrek groter en oper lyk omdat dit lig reflekteer, wat dit ideaal maak vir enige vertrek, maar veral 'n kleiner een. Die internasionale kleurinstituut Pantone se kleur van die jaar is juis 'n skakering van wit met liggrys en vanielje ondertone genaamd Cloud Dancer. Ons eie Plascon se Cloud White is 'n ewe delikate kleur: nie spierwit nie, maar met 'n romerige ondertoon wat 'n warm, vars voorkoms aan enige vertrek gee. Die bonkige rusbank is oorgetrek in 'n ligte kleur materiaal wat perfek saam met die muurkleur werk. Los kussings en komberse in dieselfde kleurfamilie dra by tot die kalm gevoel, so ook elemente in marmer, gips en keramiek. 'n Ligte houtvloer sorg vir ekstra warmte. Nie almal is so gelukkig om so 'n dramatiese deur te hê nie, maar jy kan dieselfde effek verkry met muurpaneel rondom 'n gewone deur of selfs 'n oorgroot ornate spieël.



LUUKS MINIMALISTIES

'n Mens hoef nie oorboord te gaan om 'n vertrek mooi te maak nie. Hierdie sitkamer is die perfekte voorbeeld van minimalistiese dekor wat fyn beplan is om 'n luukse atmosfeer te skep. Opvallend is die gehalte van die materiale wat gebruik is. Begin met jou vloer en mure: Hier word die neutrale kleur van die afgevlakte vloer herhaal in 'n effense ligter muurkleur. Twee reuse-houtbalke wat dien as koffietafel eggo die plafon se oop balke. Die houtbasis van die rusbank loop weerskante slim oor in sytafeltjies. Die hout is gemonteer op 'n betonblad wat hoogte gee. Gebruik linne vir stoffering en speel met skakerings van wit tot neutraal vir die los kussings, hier van bolster tot vierkantig. Gooi 'n mat in dieselfde natuurlike kleur op die vloer, en rond jou dekor af met 'n eenvoudige skildery en keramiekvaas of twee. Groot staalraamvensters sorg vir hope natuurlike lig in die vertrek.



EKLEKTIES MET KLEURBLOKKE

Hierdie voorkoms is lekker vir jong mense of studente met 'n knap begroting. Koop een ordentlike rusbank en gaan snuffel dan in pandjieswinkels of by vlooiemarkte rond vir die res van die meubels. Die retro-houttafeltjie is mooi gerestoureer en die boontjievorm is deesdae baie gewild. Baie van ons se ouers het nog êrens 'n wiegstoel, so gaan bedel dit af of soek 'n tweedehandse een. 'n Houtleer is 'n slim plek om plantjies of boeke op te sit. Wees versigtig met so 'n mengsel van verskillende style, die geheim is om nie te wild te gaan met kleur nie. Die groen, wit en hout in hierdie vertrek werk perfek saam. Speel rond met jou mure se kleur, soos hier waar een blok in groen geverf is en die illusie gee van 'n tweede vertrek. Eenvoudige muurpanele sorg vir 'n bietjie ekstra detail. Die hanglamp met sy koperkleurige skerm rond die voorkoms af.



KLEIN MAAR SNOESIG

Hierdie is ideaal vir 'n woonstel of 'n kleiner sitgedeelte in jou huis. Hou van die vloer tot by die plafon by 'n neutrale palet om die ruimte groter te laat lyk, en werk met natuurlike materiale soos hout, wol en bamboes. Kikker die mure op deur muurpaneel te plak. Werk in blokke, byvoorbeeld groot blokke bo en kleiner blokke onder, en verf die panele in dieselfde kleur as die muur, of dalk in 'n ander skakering in dieselfde kleurfamilie. Die tweesitplekbank neem min plek op maar is heerlik gemaklik met kussings en 'n dik gebreide kombers vir koue aande. Jy kan ekstra kombers in strooimandjies hou en 'n lekker snoesige skaapvel is perfek vir die vloer. Gebruik 'n hortjiesafskorting as deel van jou dekor, dit sorg vir warmte, en rond die prentjie af met 'n paar staanlampe met groot kerse asook 'n mooi hanglamp gemaak van hout of bamboes.



SPEELTYD (LINKS)

Neem die lewe 'n bietjie minder ernstig op en sorg vir prettige elemente in jou dekor. Skep 'n treffende fokusmuur met muurpapier soos dié wat uit 'n versameling kleurvolle prente en illustrasies bestaan, of hang jou eie versamelde prente teen die muur op. Jy kan selfs met KI (lees ons artikel op bladsy 114) jou eie muurpapier ontwerp, so moenie dat iets jou terughou nie! Kies 'n kleur wat uitstaan in die muurpapier en gebruik dit vir die kleur van die rusbank. Hier hoef jy nie bang te wees om 'n bietjie bonter te gaan nie, en jy kan lekker speel met los kussings met kinderlike ontwerpe asook 'n mat wat van die kleure op die muur herhaal. Pak jou mooiste boeke in 'n wit boekrak teen die muur. Die hele vertrek is gemaklik en beslis een waar kinders en tieners nie bang hoef te wees om met hulle Lego of kitaar te speel nie.



GROEN VIR RUS

Kleur maak 'n groot verskil aan 'n vertrek asook aan 'n mens se gemoed. Die smaraggroen in hierdie sitkamer skep 'n gevoel van harmonie, dit herinner ons aan die natuur en laat ons dadelik kalmer en rustiger voel. Gebruik dit as 'n aksentkleur teen die muur, en kies 'n fluweelbank in dieselfde ryk kleur vir 'n luukse gevoel. Speel dan verder rond met elemente in hout en ander natuurlike materiale, soos die oulike ronde 'nes'-sytafeltjies wat saamgegroepeer kan word. 'n Oorgroot daklamp en klein tafellamp herhaal die natuurlike kleur van die mat. Bring gerus ook binnenshuise plante soos die palmboompie hier in die hoek in jou dekor in, dit sorg vir interessante tekstuur en help boonop om die lug skoon te hou. Snuffel rond vir 'n ou rottangstoel, hulle is tydloos en met 'n mooi nuwe kussing bied dit lekker gemaklike ekstra sitplek.

MURE WAT FLUISTER

Elke huis – elke gebou – se klanke vertel 'n storie
wat nie met 'n foto vasgevang kan word nie.
Maak jou oë toe en luister mooi.

deur MARTIE SWANEPOEL **stiler**ing HANNES KOEGELENBERG

My kind sê as haar kinderjare in ons Parys-huis langs die Vaalrivier op 'n klankbaan opgeneem kon word, sou dit 'n mooi lied gewees het.

Uit haar kamer kon sy my elke oggend in die kombuis vir my geliefde hond hoor sing: 'Quinnie, Quinnie-Quinnie-Binnie.' In haar geheue hoor sy steeds die tortelduiwe se onophoudelike liedjie: 'Werk HAR-der, werk HAR-der.'

As ek aan daardie huis dink, hoor ek nog die kropmompel van bosduiwe wat onder die stoepdakke nes gemaak het. Tienermaats wat om die kombuistafel kuier, 'n getokkel op die klavier en die singende Speed Queen-wasmasjien met haar ewige vol maag.

Ek mis steeds die gedruis van die stroomversnellings van die Vaalrivier wat jy nanag in jou bed kon hoor. Sag in die winter, en druisend as die Vaaldam se sluise ná milde somerreëns ooptrek.

In die dorp se museum is die geskiedenis van die ou huis van 1884 af aangeteken. Eers het daar 'n landdros

gebly, en toe 'n dominee met agt kinders. Die eggo's van baie gesinne se lewens het in 142 jaar tussen die dik mure en hoë plafonne weerklink.

Psiturisme. Ek moes die betekenis van die woord gaan nalees. Mens spreek dit 'si-tu-ris-me' uit. 'n Ou Griekse literêre term wat na 'die fluistering van die wind deur blare' verwys.

Dit was die lied van my aftree-berghuis in die klowe van die Gouwsberge in Mpumalanga.

Daar het die blare se sagte suising oor die klowe saam met die roep van die piet-my-vrou en die visarend by die skuifdeure ingewaa. Selfs soms die sagte saaggeluid van 'n tevrede luiperd uit die berghange.

Die huis het asemgehaal as die skuifdeure oop was. Dan het die bergstroom voor die dek die lied van die reënwood in die kloof soos 'n uitvoering van Franz Schubert se 'Auf dem Wasser zu singen' laat klink. Schubert het juis per geleentheid gesê die klank van 'n bergstroom is 'n parallel tussen water en die menslike siel.





'As jy nie in
'n huis met 'n
sinkdak groot-
geword het nie,
ken jy nie hierdie
klank nie.'

Op The Soulful Nib se blog kom ek af op die gedig 'Sounds of Home' deur Chetana Kamath. In haar woorde kan jy die klanke van hul Indiese huishouding hoor:

*The door creaking open,
The shuffle of feet moving about,
The sweet chime of Mother's glass bangles,
As she tirelessly works in the kitchen ...*

Jy hoor liefde en intimiteit. Die klank van deeg wat in olie diepbraai en die eentonigheid van die dakwaaier wat die soelheid verlig.

These sounds that make a house a home ...

Huurders by ons seehuis het eenkeer gekla oor die yskas wat raas. Nie een van ons gesinslede kon onthou dat die yskas ooit geraas het en of die warmwaterpype roggel as jy stort nie. Ons het mos die lied van die huis geken. Wie kla nou oor 'n ou Kelvinator se gedreun as 'n huis omring is deur die majestueuse Indiese Oseaan wat 'n ouverture van wind en golwe speel?

Jy raak gewoon aan die klanke van jou huis.

Toe Media24 by die argitektoniese pragstuk in Aucklandpark, Johannesburg, ingetrek het, het Hoëveldse donderstorms dit welluidend duidelik gemaak dat 'n sinkdak hom nie laat stilmaak nie. Maar hoe mooi was die legio druppels op sink nie!

As jy nie in 'n huis met 'n sinkdak grootgeword het nie, ken jy nie hierdie klank nie. Jy ken ook nie die gekreun as die dak met sonsopkoms van die hitte begin uitsit en saans met dalende temperatuur inkrimp nie.

Ek het onlangs in 'n routydperk alleen deur die Karoo gery. Sonder musiek. Ek het my vensters oopgedraai om die ooptes te hoor. Verby Leeu-Gamka het 'n verlate pienk huis op 'n vlakte my geroep om stil te hou. Die huis was vir my so mooi in sy eenvoud. Vierkantig met 'n spitsdak, omring deur die oorverdowende klank van stilte.

Oor die honderde kilometers daarna het ek gedag-droom hoe dit sou wees om alleen in so 'n huis op 'n vlakte te woon. Soms is stilte strelende musiek.

In sy ode aan die Karoo in die gedig 'Gee my' beskryf die digter I.D. du Plessis, 'n Karoosseun, die skoonheid van die stilte van die dorre landstreek:

*Gee my 'n koppie in die kaal Karoo
Waar aalwees waghou oor die asvaal veld
Totdat die droogte breek, en teen die hang
Die vygies juig met een groot kleur-gesang*

Daardie gejuig van die vygies ná reën, dís wat ek in die pienk huis sou wou hoor as ek die vensters oopmaak.

Ek sou die kiewiete, patryse en gompoue wou hoor roep en in die verte vetstert-afrikanerskape se geblêr.

Maar ek moes aanry. Kaap toe.

My vriendin Coral het my van die Afrika-klanke van haar kinderjarehuis in Molepole in Botswana vertel. Sy is soms aan die slaap gesus deur wiegeliëdjies van die groepe Tswana-jongmense wat van huis tot huis geloop het.

Nana robala, o ta belegwa ke mang? Nana robala, mmaago ga a yo ... (Slaap, kleintjie, wie sal jou dra? Slaap, kleintjie, jou mamma is nie hier nie.)

Een van Coral se skilderye trek van huis tot huis saam met my. As ek daarna kyk, hoor ek die rustige tromme van 'n Tswana-stat in elkeen van haar kwashale.

Herinneringe in klank vasgevang. Soos my Facebook-vriendin Gretha se kinderjarehuis waar brandende mielie-stronke vroegoggend in 'n Union-koolstoof se vlamme klap.

Santa herinner my hoe ons generasie in die sestigs soggens met Fanus Rautenbach se program *Flink uit die vere* met die penniefluit-kwêla wakker geword het.

Maar vir haar is geen huislied mooier as dié van haar oupa se huis nie: Die skoonstamp van sy modderstewels by die agterdeur ná melktyd. En ná 'n ruk die *separator* se 'pieng' as die room afgeskei word. Tussendeur was daar die heftige geroer van kole in die koolstoof.

Kari verlang na die stilte wat op haar ouma se Vrystaatse plaas, Son, om die huis gehang het. Dikwels onderbreek deur die skril protes van die *spring* van die sifdeur by die *scullery* as dit oopgemaak word. Gevolg deur 'n gekreun en dan die harde klap sodat die plaasvlieë buite kon bly.

Min klanke kan 'n huis so tevrede laat sug soos 'n opwaskamer, 'n oorloopkombuis, een van daardie met 'n beton-*sink* waarin wit katoenvadoeke ritmies skoongeskrop word.

Nadine vertel haar kinderhuis het 'n besonder fyn klank gehad. Sy hoor nog die gerusstellende geluid van pêrels in 'n porseleinbakkie en die zirts-deurtrek van gare as haar ma die fyn kuns van pêrel-string beoefen het.

My niggie Anniki hoor weer my tannie Anna se singende Singer-masjien in hulle Westdene-huis.

Soveel herinneringe in klank.

Houtvloere wat kraak as katvoetjies daaroor hardloop, laat weet liewe Liesbet my. Dít en 'n deur wat sag toeknip in die ligte windjie, hoor sy steeds as sy aan haar ma se huis dink. Die klavier-tokkel as haar ma 'n liedjie probeer onthou, dan die melodie as sy dit baasraak. Sy hoor nog die geklingel van melkbottels by die voordeur.

My ma se geneurie het ons huis gevul. Soms het sy haar koloratuursopraanstem hoog en lig oor die klanke van die huis gewerp.

My vriendin Thea mis ook haar ma se gedurige geneurie deur die huis. Sy beskryf dit so mooi: Die klank van engele.

Maar Thea se ore kan inderdaad spesiale klanke hoor. As kind het sy saans die krieke om hulle huis gehoor en dan geglo dit is die geluid van sterre wat flikker!

Gedagtes neem Hermi terug na die kontraste van haar ouerhuis in die Kalahari. Saans het 'n doodse stilte saam met die son oor die huis gesak. Dit is later onderbreek deur die heserige klank van haar pa se harmonium ná boekevat. Dan het die singende gesin 'n heiligheid oor die Kalahari laat daal.

Hermi onthou ook die sug van die Climax-windpomp in die aandstilte. In haar bed het sy lê en wag vir die stamp-geluid van die pomp die oomblik as die wiel sy gesig in die wind draai.

Prof. Karen van Lengen, van die Universiteit van Virginia in die VSA se argitektuurskool, sê jy kan maklik mooi foto's van jou huis op Instagram plaas, maar dit gee nie die volle karakter weer nie.

jou lewe



'Om werklik 'n gebou in te neem moet jy daarna luister. As jy jou oë toemaak, gaan jy dinge hoor wat jy nie met jou oë oop kan hoor nie.'

– Karen van Lengen,
professor in argitektuur

'Om werklik 'n gebou in te neem moet jy daarna luister. As jy jou oë toemaak, gaan jy dinge hoor wat jy nie met jou oë oop kan hoor nie.'

Sy glo argitektuur moenie net gesien word nie, maar ook gehoor word.

Vernuwings in argitektuur fokus toenemend op die beheer van klank, sê sy. Veral vir woonhuise wil mense die geluide van bure uitsluit en aan die stadsgeraas ontsnap. Maar binne jou huis wil jy klanke hoor wat jou gemoed laaf.

Geboue se klanke kan jou engtevrees óf kalmte gee.

In 'n artikel op bbc.com, 'How the sound in your home affects your mood', nooi Lakshmi Sandhana ons: 'Stap die ondergrondse gange van New York se Penn-stasie binne en jy ervaar dalk 'n ongemaklike gevoel van kloustrofobie wat moeilik is om te verklaar. Wandel oor die harde-houtvloere by die National Gallery of Art in Washington DC en 'n kalmte daal oor jou neer. Hoekom? Elkeen van hierdie geboue het sy eie unieke stem – die manier waarop klank in die struktuur optree.'

Sy verwys na 'ouditiewe argitektuur' en spesifiek die kenmerkende klank van fluisteringe in die koepel van die St. Paulus-katedraal in Londen.

Die Grand Central Station in New York het inderwaarheid 'n verskynsel wat in argitektoniese taal 'n 'fluistermuur' of 'fluistergalery' genoem word. Dit is waar 'n gewelf selfs die geringste vokalisering ver weg kan dra.

'n Blog van die Portugese oor-neus-en-keel-groep AudioCare meen van die onvergeetlikste argitektoniese akoestiek is te vinde in die massiewe koepel en klipkonstruksie van die Hagia Sophia-moskee in Istanboel, Turkye. Dit het buitengewone weergalmtye en die langdurige eggo versterk melodiese gesange. Dit skep 'n meeslepende, amper eteriese klankomgewing wat ideaal is vir heilige musiek.

Mens maak plakboeke van jou reise, maar maak jou oë toe en luister of jy nog die klanke hoor.

Almal wat die flik *A Room with a View* gesien het, het gedroom om eendag in so 'n kamer te bly. Ons het nie sulke verwagtinge gehad van die bekostigbare kamer

in die Korona-hotel in 'n ou deel van Wladiwostok in Rusland nie. Maar die eerste oggend het 'n klokkespel die kamer gevul. Reg voor die venster was 'n klein Russies-Ortodokse kerkie met 'n goue koepel. Onvergeetlik.

Ek en my vriendin Suzette het die voorreg gehad om 'n opvoering in die operahuis in Wenen, Oostenryk, by te woon. Die gebou is argitektonies vir akoestiese perfeksie met matige weergalming ontwerp. Die vorm van en die dekoratiewe detail in die operasaal versprei klank, wat gelyktydig helderheid en warmte verbeter.

Ek kan persoonlik van die akoestiek van die Taj Mahal in Indië getuig, want 'n lastige hoesbui het my oorval in dié huldeblyk wat die vyfde Mughal-heerser, Shah Jahan, in 1631 laat bou het om die graf van sy geliefde vrou, Mumtaz Mahal, te huisves.

Dit word as 'n wonder in klankingenieurswese beskou. Die sentrale kamer het 'n nagalmtyd van 28 sekondes. Fluisteringe kan duidelik oor die vertrek heen gehoor word ... en 'n brongitshoes is oorverdowend!

In 'n Afrika-hotelkamer in Mombasa in Kenia het ons vyf keer per dag die adhan, die Islamitiese oproep tot gebed, uit die minaret van 'n moskee naby ons gehoor.

Maar die eerste nag het ons gedink die hotelkamer is deel van 'n hygroman. Ons moes heelnag onder ons muskietnet luister na wat soos plesiergilletjies geklink het.

Die volgende oggend het ek 'n trop bokke voor ons venster ontdek!

Ná my solo-rit deur die Karoo het ek in Muizenberg kom neskop. Nou raak ek gewoon aan die suidooster wat rondom my nuwe huis huil.

Dit het 'n byna lank vergete klank uit die laat sewentigs by my opgeroep. By die destydse Randse Afrikaanse Universiteit kon prof. Stephen Gray se voorlesings 'n betonlokaal warm laat voel.

Ek hoor weer sy stem soos hy Robert Louis Stevenson se 'The Wind' vir 'n soms ondankbare gehoor voordra:

*O wind, a-blowing all day long,
O wind, that sings so loud a song!*

Toe ek my digbundels op die rakke in Muizenberg uitpak, het ek geweet my geliefde ontslape professor se voordrag van Stevenson gaan deel van my nuwe huis word.

*I saw you toss the kites on high
And blow the birds about the sky;
And all around I heard you pass,
Like ladies' skirts across the grass –
O wind, a-blowing all day long,
O wind, that sings so loud a song!*

Hier in my windhuis gaan my kop skoon waai.

NOOI KLANK BINNE

- ✿ Ek begeer 'n reëntrom. Dit is 'n metaalkoepel wat ontwerp is om die geluid van elke reëndruppel vas te vang. Soos reëndruppels die oppervlak tref, resoneer die trom en bied 'n strelende ouditiewe ervaring. Ek gaan een op my nuwe stoep sit.
- ✿ En windklingels. Elkeen van my huise het windklingels gehad. Dit het aan bome en op stoepe gehang. Ek het eers jare gelede gelees die sagte, melodiese klank van windklokke help om energie deur 'n ruimte te sirkuleer.

LEES

- ✿ 'The sound of home: Why every room deserves its own story' op rel.net.
- ✿ 'Decorating with sound: Enhancing your home with the comfort of sound' op relaxound.com.
- ✿ '5 easy ways to improve the acoustics in your home' op abstracta.se.

KLANKHULP

Klankbokse kan jou huis vul met onder meer die vrolike gekwetter van voëls, kalmerende woud- of seegeluide (relaxound.com).





Quercus pedunculata
Mallarmé.

Quercus pedunculata
Mallarmé.

Quercus pedunculata
Mallarmé.



SKEPE WAT
VIR DIE PERFЕКTE
WIND WAG,
SEIL NOOIT NIE.





'N GERFIE HERFS

Vernuwe jou woonplek met hierdie oorspronklike projekte in die seisoen se pragtige kleure.

teks, stilering en foto's LISANNE HELLING vir TAVERNE AGENCY

MUURKUNS IN HOEPELS
(aanwysings op bladsy 41)







MUURKUNS IN HOEPELS

JY BENODIG

- ♥ linne- of katoenmateriaal
- ♥ blare en/of takkies vir die drukwerk
- ♥ akriel- of materiaalverf
- ♥ spons of roller
- ♥ 'n vel papier
- ♥ borduurring
- ♥ borduurgare en -naald

SO MAAK JY

- 1 Knip 'n sirkel uit jou materiaal met 'n paar sentimeter ekstra wat op die grootte van die borduurring pas.
- 2 Rangskik die blare en/of takkies op die materiaal en besluit op jou ontwerp.
- 3 Lig elke blaar of takkie op en verf 'n lagie verf oor met 'n spons of roller. Lê elke stukkie terug op die materiaal neer met die geverfde kant na onder.

- Wanneer jy klaar is met die ontwerp, bedek alles met papier en pars dit sodat dit 'n afdruk op die materiaal laat. Verwyder die plantmateriaal.
- 4 Sit die geverfde materiaal in die borduurring en span dit styf.
 - 5 Werk borduurstekke om die afdrukke en voeg details tussenin by vir ekstra tekstuur om jou eie stempel op jou botaniese ontwerp af te druk.



PERFEK-ONPERFEKTE KLEIBAKKIES

JY BENODIG

- ♥ lugdroogklei
- ♥ vars en/of gedroogde blare vir die drukwerk
- ♥ grofgemaalde swartpeper
- ♥ bakkie om die kleibakkie in te vorm
- ♥ kleefplastiek
- ♥ koekroller (of 'n gladde glas of bottel)
- ♥ akrielverf
- ♥ spons en dun kunskwassie
- ♥ mes en snybord

SO MAAK JY

- 1** Rol 'n stuk lugdroogklei tot omtrent 0,5 cm dik uit en maak seker dis groot genoeg om jou bakkie mee te voer.
- 2** Sny 'n ronde vorm uit vir die bakkie. Druk blare in die klei vir tekstuur en sprinkel 'n bietjie gemaalde peper op die oppervlak vir ekstra trefkrag. Rol liggies met 'n koekroller daaroor om die teksture in die klei te vestig. Verwyder dan die plantmateriaal.

- 3** Voer die binnekant van die bakkie met kleefplastiek uit en druk die kleisirkel daarin vas. Vorm die rande op 'n natuurlike wyse sodat dit 'n unieke handgemaakte voorkoms aan jou kleibakkie sal verleen. Laat die klei heeltemal droog word in die vorm.
- 4** Wanneer die klei droog is, verf die blaarafdrukke met 'n dun kwassie en akrielverf. Spons liggies met 'n klam spons oor die geverfde dele om die effek te versag en die tekstuur uit te lig.







SPELDEBOEKIE

JY BENODIG

- ♥ katoen- of linnemateriaal
- ♥ blare en/of takkies vir die drukwerk
- ♥ materiaalverf
- ♥ spons of roller
- ♥ 'n vel papier
- ♥ naald en bypassende gare

SO MAAK JY

- 1 Knip twee stukke materiaal van 16 x 24 cm vir die buitelaag en tel 'n smal naattoelating by.
- 2 Besluit watter kant die voorkant gaan wees en rangskik dan blare en/of takkies op daardie stuk.

- 3 Lig elke blaar of takkie op en verf 'n lagie verf oor met 'n spons of roller. Lê elke stukkie terug op die materiaal neer met die geveerde kant na onder. Wanneer jy klaar is met die ontwerp, bedek alles met papier en pars dit sodat dit 'n afdruk op die materiaal laat. Verwyder die plantmateriaal.

- 4 Sit die twee stukke buitelaagmateriaal op mekaar met die regte kante teen mekaar en werk dit om die rande toe, maar laat 'n klein opening vir omdop. Knip die hoeke skuins af, dop dit na die regte kant om, pars die nate plat en werk die opening met die hand toe.

- 5 Berei die binnelaag voor deur twee stukke materiaal van 14 x 21 cm met 'n smal naattoelating te knip. Stik dit aan mekaar soos by die buitelaag en pars die nate plat.

- 6 Werk 'n lussie en twee klein stukgies materiaal op die binnelaag vas as bêreplek vir naalde en spelde. Werk dit so vas dat dit maklik bereikbaar sal wees wanneer die speldeboekie toegevou is.

- 7 Sentreer die binnelaag op die buitelaag met die geveerde kant van die buitelaag na onder. Werk 'n lyn in die middel af om die 'rug' te vorm sodat dit soos 'n boekie lyk. Vou die boekie toe.



GEBORDUURDE SOKKIES

JY BENODIG

- ♥ effekleurige sokkies om te versier
- ♥ blompatroon hierbo (of gebruik een van jou keuse)
- ♥ borduurgare en -naald
- ♥ uitwas-stabiliseerder
- ♥ karton
- ♥ pen

SO MAAK JY

- 1 Teken jou patroon op die uitwas-stabiliseerder en sit dit in posisie op die sokkie.
- 2 Steek 'n stukkie karton in die sokkie sodat jy die steke makliker kan borduur.
- 3 Borduur die blomontwerp met agtersteek en Franse knopies.

- 4 Spoel die sokkies uit om die stabiliseerder te laat oplos en laat die sokkies droog word.





LEEF LEKKER!

JY HOEF NET EEN PROJEK ELKE
NAWEEK AAN TE PAK EN DIT
SAL JOU NIE LANK NEEM OM
JOU LEEFVERTREK 'N HELE NUWE
VOORKOMS TE GEE NIE.

stilerling CARIN SMITH foto's MARIJKE WILLEMS





OPGETOF

Maak 'n pragtige nuwe jassie vir jou stoel en rond die voorkoms af met 'n kussing wat gekleur en met borduurwerk versier is.

naaldwerk ELIZABETH FESTER handwerk CARIN SMITH

LOS STOEL-OORTREKSEL

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld tot meer gevorderd

TYD: 1-2 dae

JY BENODIG

- ♥ materiaal van jou keuse
- ♥ bypassende gare
- ♥ naald
- ♥ groot velle papier en 'n potlood

SO MAAK JY

1 Gebruik die velle papier en maak 'n patroon vir elke deel van die stoel (voorkant, rugleuning, armleunings, sitplek, ens.). Ons het bloot papier teen die stoel gesit en die buitelyn afgetrek van die gedeelte waarvoor ons die patroon gemaak het.

2 Knip die patroondele uit en trek dit dan op jou materiaal oor. Wanneer die materiaal uitgeknipt word, onthou om 2 cm vir naattoelatings by te tel.

3 Werk die verskillende dele van die oortreksel met die hand aan mekaar vas. Begin met die voorkant en rugleuning, dan die armleunings en beweeg af na die sitplek en rompdeel. Trek die oortreksel oor jou stoel en bring die nodige aanpassings aan voordat al die dele met 'n naaimasjien gestik word. Rond af deur alle rafelrande om te kap.



GEKLEURDE BORDUURKUSSING

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik

TYD: halfdag (droogtyd uitgesluit)

JY BENODIG

- ♥ materiaal van jou keuse
- ♥ materiaalverf in die kleur van jou keuse
- ♥ bypassende gare
- ♥ borduurring
- ♥ borduurgare en -naald
- ♥ wateroplosbare kleremakerspen
- ♥ tak met blare
- ♥ stopsel of 'n ou kussing

SO MAAK JY

1 Begin deur die materiaal te kleur: Meng die materiaalverf in die kleur van jou keuse met water in 'n 50:50-verhouding. Maak die materiaal nat en wring die oortollige water uit. Giet die verfmengsel in 'n spuitbottel en hang die materiaal aan 'n wasgoedlyn op. Spuit die materiaal met die verf. As jy 'n dieper kleur wil hê, spuit nog lae oor. Maak seker die spuitkop bly skoon soos jy vorder sodat die verf dit nie verstop nie. Laat die materiaal droog word.

2 Knip twee dele van die materiaal uit so groot soos jy jou kussing wil hê (onthou om 2 cm vir naattoelatings by te tel).

3 Hou die tak wat jy gekies het langs die voorkantdeel en laat 'n lig van agter skyn om 'n skaduwee op die materiaal te gooi. (Heg die tak sodat dit in posisie bly terwyl jy werk.) Trek dan die buitelyne van die tak en blare met jou kleremakerspen op die materiaal na en borduur dit met stamsteek. Spoel die penlyne uit en laat dit droog word.

4 Stik die voorkant- en agterkantdeel, regte kante teen mekaar, rondom aan mekaar vas, maar laat 'n opening om die stopsel of kussing in te steek. Dop die oortreksel na die regte kant om en stop dit op of steek die kussing in. Werk die opening met die hand toe.





PIENK EN PERFEEK

Gee aan 'n muur 'n romantiese voorkoms deur dit in 'n paar maklike stappe te kalkverf.

projek CARIN SMITH

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld

TYD: 2 uur (na gelang van die grootte van die muuroppervlak)

JY BENODIG

- ♥ suikerseep
- ♥ mineraalgrondverf
- ♥ mat akrielverf in die kleur van jou keuse vir die kalkwas (ons het Plascon in Peach Kiss gebruik)
- ♥ groot verfkwas

SO MAAK JY

1 Berei die oppervlak voor deur dit met suikerseep (gemeng volgens die aanwysings op die verpakking) te was en dit dan met 'n mineraalgrondverf te verf sodra dit droog is.

2 Meng die kalkwas (gelyke dele verf en water).

3 Wend die kalkwas na willekeur aan, laat hale van 'n groot kwas mekaar kruis om tekstuur te gee en werk op klein gedeeltes op 'n slag.

4 Bou die lae op deur elke dun laag droog te laat word voor die volgende een, tot die verlangde kleurdiepte verkry word. Onthou dat die was ligter gaan wees wanneer dit droog is.

WOEFJASSIE

Brei 'n baadjie vir jou beste vriend met die *log cabin*-metode. Dis 'n beroemde Amerikaanse kwilttegniek waar lang stroke materiaal in 'n spiraalvolgorde om 'n vierkant aan mekaar gewerk word om 'n groter stuk materiaal te maak.

projek en stilering ELSBETH EKSTEEN foto's ANELLE BRITZ

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld

TYD: 3 dae

JY BENODIG

- ♥ diagram op bladsy 57
- ♥ 100 g-bolle Kismet Arctic Chunky in die volgende kleure:
 - 1 elk in Charcoal, Cream en Dirty Pink
 - 2 elk in Rose Pink en Chartreuse
- ♥ 6 mm-sirkelbreipen
- ♥ tapisserienaald en bypassende breidraad vir vaswerk
- ♥ maatband en skêr
- ♥ 'n skryfblok en pen om die mates mee neer te skryf
- ♥ jou beste vriend byderhand om te pas soos jy brei

GROOTTE

Lilly die saloekei se mates is soos volg:

Nek: 63 cm om onderkant, lengte 17 cm

Rug: lengte 50 cm, breedte 50 cm

Tussen voerpote: 34 cm van onderkant van nek tot waar baadjie by maag eindig, breedte 12 cm

PATROONNOTAS

Die mates van jou hond sal jou deur dié brei-ervaring lei omdat jy 'n breimetode gebruik waarin jy jou blokke 'bou' tot die grootte wat op 'n sekere deel van jou patroon pas. Wanneer jy gemaklik met die metode is, sal jy sien waarom dit so 'n lekker manier van brei is. Kyk by #logcabinknitting vir nog inspirasie

asook by @elsiedear op Instagram vir video's wat die patroon verduidelik.

SO BREI JY

GEDEELTE 1: DIE NEKBAND

Neem drie mates om jou hond se nek en skryf dit neer: Om die bokant van die nek waar jy wil hê die nekband moet begin, die lengte wat die nekband moet wees, en vir die onderrand van die nekband. Neem die laaste mate en pas dit aan sodat die getal deur vier gedeel kan word.

Stel genoeg steke op vir die onderrand-mate. Regs 2 steke, aweregs 2 steke. Brei in rifpatroon verder tot die nekband die verlangde lengte is. Heg af.





GEDEELTE 2: DIE RUG

Meet van die onderrand van die nekband oor die rug na die stert toe – dit is die lengte van die baadjie. Meet van die bokant van die voorpoot oor die skouers na die ander kant toe – dit is die breedte. Verdeel dié mate in vier blokke. Jy gaan 'n stuk *log cabin* brei wat in 'n blok pas. Maak vier altesaam en werk dit aan mekaar vas om een groot stuk te kry. Só het ons die stuk *log cabin* gemaak om ons hond se mates te pas:

Stap 1: Met kleur A, stel 7 steke op, brei 11 rye, heg volgende ry af, behalwe die laaste steek.

Stap 2: Tel kleur B op deur laaste steek. Draai werk 90 grade. Tel 6 steke op aan die sykant van die vierkant, brei 5 rye, heg af, laat laaste steek op pen.

Stap 3: Tel kleur C op deur laaste steek, draai 90 grade, tel 10 steke op aan sykant, brei 5 rye, heg af, laat laaste steek op pen.

Stap 4: Tel kleur D op deur die laaste steek, draai 90 grade en tel 10 steke op aan die sykant, brei 5 rye en heg af.

Stappe 5-9: Herhaal dié tegniek in 'n kloksgewyse spiraal tot die verlangde mate bereik word.

Maak vier en werk dit aan mekaar vas met bypassende breidraad.

GEDEELTE 3: TUSSEN DIE VOORPOTE

Meet van die onderkant van die nekband, deur die voorpote, tot waar die baadjie by die maag sal eindig. Meet tussen die voorpote om die borsmaat te kry. Meet van waar gedeelte 2 eindig aan die sye van jou hond onderkant die bors/maag na die ander kant toe.


Brei 'n blok *log cabin* wat tussen die voorpote inpas. Brei nog 'n blok wat aan die eerste een pas en brei nog rye aan die sykante, indien nodig, om aan gedeelte 2 verbind te word.

SIT DIE GEDEELTES AAN MEKAAR

Lê al die stukke voor jou uit. Sien die diagram hier langsaan vir meer duidelikheid. Sit gedeeltes 2 en 3 langs mekaar neer. Albei word aan die onderrand van die nekband vasgewerk. Sit dit oor jou hond en trek gedeelte 3 onder die bors/maag. Teken aan waar aan gedeelte 2 jy die syrande van gedeelte 3 gaan heg. Haal die baadjie van jou hond af en werk al die gedeeltes aan mekaar vas. Werk die sykante van die nekband toe. Werk alle breidraadpunte in.

RANDAFWERKING

Om af te rond, werk met bypassende breidraad en jou tapisserienaald krielsteke aan al die rande van die baadjie vir 'n mooi buitelyne.



werk aan.
mekaar
vas


Log CABIN-METODE

Stap 1



Brei 'n klein vierkant

Stap 2



Brei 'n klein blokkie aan een sykant

Stap 3



Tel stekke aan een sykant op en brei

Stap 4



Tel stekke aan die sykante op en brei

Stap 5




Tel stekke op en brei

Stap 6



Tel stekke op en brei

Stap 7



Tel stekke op en brei

Gaan voort tot verlangde grootte



SOOS MOSAÏEK

Bring 'n tikkie kleur in jou huis met hierdie fraai kussing in mosaïekhekelwerk.

projek MARICA PEIRRERA

TEGNIK: mosaïekhekelwerk

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld

TYD: omtrent 65 uur

GROOTTE

Pas kussing van 30 x 50 cm.

Om die kussingoortreksel groter of kleiner te maak, tel by of trek af veelvoude van 4 steke van die beginketting. Vir 'n vierkantige kussing van 50 x 50 cm, hekel meer rye tot die lengte 50 cm is.

JY BENODIG

- ♥ 50 g-bolle Scheepjes Catona in die volgende kleure:
 - 2 x 408 (Old Rose = R)
 - 4 x 248 (Green Yellow = G)
 - 4 x 245 (Champagne = C)
- ♥ 3,5 mm-hekelpen
- ♥ 40 cm-ritssluiters
- ♥ binnekussing van 30 x 50 cm (ons het ons s'n by Sheet Street gekry)

SPANNING

22 kb x 26 rye = 10 x 10 cm

AFKORTINGS

beg – begin
bs – bobbelsteek
do – draad oor

gls – glipsteek
her – herhaal
hlb – halwe langbeen
kb – kortbeen
ks – kettingsteek
ks-sp – kettingsteekspasie
lb – langbeen
os-st – oorgeslaande steek
RK – regte kant
sp – spasie
st(e) – steek(steke)
VK – verkeerde kant
vlg – volgende

SPESIALE STEEK

Bobbelsteek (C): Do, steek die pen in die aangeduide st, (do en trek 'n lus op, do en trek deur 2 lusse) x 5. Jy het nou 6 lusse op die pen, laat val draad C en tel draad R op, do en trek deur al die lusse op die pen.

PATROONNOTAS

- 1 Draai aan die einde van elke ry.
- 2 Kleurwisseling: Jy verwissel van kleur ná elke 'b'-ry. Voltooi die laaste kb van elke 'b'-ry met die nuwe kleur.
- 3 Alle lb-ste word voor in (nie oor nie) die ks2-sp in die os-st van dieselfde kleur 2 rye ondertoe gehekel. Die kettinglusse sal aan die agterkant sigbaar wees.

SO HEKEL JY

HOOFDEEL (MOSAÏEKWERK)

Basisry 1 (G): Ks 90, beg in die 2e ks van die pen, hekel 1 kb in elke ks [= 89 kb]. Draai.

Basisry 2 (G): Ks 1, 1 kb in elke st [= 89 kb]. Draai.

Ry 1a (C): Ks 1, 4 kb, *2 ks, slaan 1 oor, 3 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 1b (C): Ks 1, 4 kb, *2 ks, slaan ks-sp oor, 3 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 2a (G): Ks 1, 2 kb, 2 ks, slaan 1 oor, 1 kb, *1 lb in os-st ondertoe van dieselfde kleur (sien notas), 1 kb, 2 ks, slaan 1 oor, 1 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 2b (G): Ks 1, 2 kb, 2 ks, slaan ks-sp oor, *3 kb, 2 ks, slaan ks-sp oor, her van *, eindig met 2 kb.

Ry 3a (C): Ks 1, 2 kb, 1 lb in os-st ondertoe, 1 kb, *2 ks, slaan 1 oor, 1 kb, 1 lb in os-st ondertoe, 1 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 3b (C): Ks 1, 4 kb, *2 ks, slaan ks-sp oor, 3 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 4a (G): Ks 1, 4 kb, *1 lb in os-st ondertoe, 3 kb, her van *, 1 kb in laaste st.

Ry 4b (G): Ks 1, 1 kb in elke st.

Dié 4 rye vorm die patroon. Her dié 4 rye tot jy 22 patroonherhalings het. Heg af en knip albei kleure af.

LEES DIE DIAGRAM SO

- ⊗ Elke blokkie = 1 steek.
- ⊗ Die 1e blokkie van elke ry dui die kleur van daardie ry aan. Alle kleurwisselings word aan die einde van elke 'b'-ry gedoen. Wanneer jy met jou donker kleur (G) hekel en die blokkie in die diagram is wit, hekel jy ks 2 en slaan 1 st oor, 'n swart blokkie is 1 kb. 'n Donker blokkie op 'n ander een is 'n lb.
- ⊗ Wanneer jy met jou ligte kleur (C) hekel en die blokkie in die diagram is swart, hekel jy ks 2 en slaan 1 st oor, 'n wit blokkie is 1 kb. 'n Wit blokkie op 'n ander een is 'n lb.
- ⊗ Die 'a'-rye word van regs na links gelees en word gehekel met die RK na jou toe.
- ⊗ Die 'b'-rye word van links na regs gelees en word gehekel met die VK na jou toe.

SYKANTE

(albei dieselfde)

Die vlg rye word aan die sykante van die mosaïekdeel gehekel.

Beg met 'n skuifknoop op jou pen.

Ry 1 (R): 1 kb in elk van die 1e 3 rye, *slaan 1 ry oor, 1 kb in elk van die vlg 4 rye, slaan 1 ry oor, 1 kb in elk van die vlg 3 rye, her van * tot einde van ry [= 140 kb]. Draai.

Rye 2, 3 en 4 (R): 1 ks, 1 kb in elke st, draai.

In die vlg ry moet jy oor draad C hekel, sodat dit onder die kb versteek is, tot jy dit vir die bobbelst nodig het.

Ry 5 (R en C): Lê draad C op die vlg ry, effens na agter, met R hekel 1 ks, *13 kb, op die 13e kb trek draad C deur en hekel oor draad R, 1 bs (sien spesiale st) in die vlg st, her van * en eindig ry met 14 kb, knip draad C af.

Rye 6, 7 en 8 (R): Ks 1, 1 kb in elke st [= 140 kb].

Ry 9 (R en C): Lê draad C op die vlg ry, effens na agter, met R hekel 1 ks, 6 kb, *1 bs, 13 kb, op die 13e kb trek draad C deur en hekel oor draad R, her van *, 1 kb in laaste st, knip draad C af.




Rye 10, 11, 12 en 13 (R): Ks 1, 1 kb in elke st [= 140 kb].

Heg af. Hou die draad aangeheg en las die synaat met plat gls. Alternatiewelik, knip die draad af, maar laat 'n draadpunt wat lank genoeg is om die naat toe te werk.

AFWERKING

Werk alle draadpunte aan agterkant van werk in. Die ritssluiters word aan die onderrande van slegs die mosaïekdeel vasgewerk. Nadat die ritssluiters vasgewerk is, werk die (R) rande aan beide kante van die ritssluiters toe.





the
home
CHANNEL

DStv Kanaal 176



Laat jou inspireer om jou huis te omskep in jou
D R O O M H U I S

STAANPLEK VIR MY KOPPIE KOFFIE

MOEILIKHEIDSGRAAD: medium **TYD:** halfdag (droogtyd ingesluit)

'n Leksel verf en 'n bietjie goudkleurige spuitverf gee aan dié andersins doodgewone metaalsytafeltjie nuwe lewe. Nadat ons die pote gespuitverf het, het ons die tafelblad met 'n glansverf pienk geverf en dit afgerond met 'n mosterdgeel hart in die middel. Daarna het ons 'n laag hars aangewend vir duursaamheid. Jy kan harsstelle by die meeste handwerkwinkels koop. Volg die aanwysings op die verpakking en werk in 'n stofvrye en goed geventileerde plek. **LET WEL:** Wanneer jy metaal verf, maak seker jy gebruik 'n geskikte verf en wend altyd eers 'n grondlaag aan.





DIE MINI-MAKSI VAN MOOI

'n Klein verandering kan 'n reuse-verskil maak. Gebruik dié maklike wenke om jou dekor in minder as 'n dag te vernuwe.

projekte en stiling CARIN SMITH foto's MARIJKE WILLEMS

MUURBLOMETJES

Maak vars snyblomme deel van jou muurkuns deur dit soos 'n prent teen die muur te hang.

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik **TYD:** 1 uur

Gebruik 'n epoksie- of industriële gom om hakies aan die agterkant van 'n paar mini-vase vas te plak, so na as moontlik aan die bokant van die vase. Sit blomme en water in die vase en hang dit in 'n ry aan hakies in die muur op.

WENK: Ons vase is 'n mengsel van vintage glashouertjies wat ons gespuitverf het asook gekleurde klein potjies van PEP.



GLOEILAMP-OOMBLIK

Het jy dalk 'n koppie sonder maats wat nog agterin jou kombuis kas wegkruip?
Gebruik dit om 'n oorspronklike lamp van te maak.

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld **TYD:** 1 uur

Gebruik 'n boorpunt vir keramiekwerk en boor stadig 'n gaatjie deur die bodem van die koppie. Koel die oppervlak met water af terwyl jy boor sodat die koppie nie kraak nie en sorg dat jy baie stadig boor. Nadat die gaatjie gemaak is, steek 'n elektriese kabel daardeur en heg jou lamptoebehore aan.



PONSKUSSING

Kikker 'n strooikussingootreksel wat met motiewe bedruk is op met 'n ponsnaaldontwerp. Hiervoor benodig jy 'n ponsnaald (te kry by die meeste naaldwerkwinkels en aanlyn), 'n borduurring en borduurgare in die kleur van jou keuse. Ons het verkies om die kleur van ons gare by die ontwerp te laat pas, maar speel gerus met verskillende kleurkombinasies. Sit die gare in die naald volgens die aanwysings en pons na hartelus om sekere details van die materiaal te laat uitstaan!

MOEILIKHEIDSGRAAD: aanvanklik nogal uitdagend, maar maklik as jy eers die slag het

TYD: 1 uur, na gelang van hoe ingewikkeld jou ontwerp is

WENKE

- ✿ Oefen eers 'n paar steke op 'n stukkie oorskietlap voordat jy begin.
- ✿ Kies 'n naalddikte wat by die materiaal- en gare dikte pas.
- ✿ Stryk aanstryktussenvoering aan die agterkant van die materiaal as jy dink die weefwerk is te los en oop. Dit sal die gare in posisie help hou.

✿ Maak seker jou materiaal is so styf as moontlik in die borduurring gespan. Die spanning hou die steke in posisie.

✿ Sorg dat jy genoeg speling gee sodat die gare vryelik deur die naald beweeg.

✿ Om foute reg te maak is maklik, want jy kan die gare net uittrek. Die materiaal behoort self die gaatjies toe te maak, anders kan jy dit uitstryk voordat jy weer begin.

✿ Heg jou werk met 'n dun lagie materiaalgom aan die agterkant vas.

POPHUIS- BEDKASSIE

Hier is 'n oulike manier om 'n afgeleefde bedkassie op te kikker.

MOEILIKHEIDSGRAAD: gemiddeld

TYD: 4 uur (na gelang van die grootte van die oppervlak)

JY BENODIG

- ♥ prent van jou keuse (probeer 'n gratis prentwebwerf soos pexels.com en laat dit by 'n drukwerkwinkel uitdruk in die grootte wat jy benodig)
- ♥ grondverf
- ♥ akrielverf in die kleur van jou keuse (ons het Plascon in Peach Kiss met 'n glansafwerking gebruik)
- ♥ modge podge
- ♥ verfkwaste
- ♥ spuitverniss
- ♥ handwerkmes en snymat
- ♥ skuurpapier

SO MAAK JY

- 1 Berei die oppervlak van jou kassie voor deur dit oraloor grofweg te skuur. Dit word die 'keying' van die oppervlak genoem en help dat die prent aan die hout kleef. Vee alle stof deeglik af.
- 2 Wend 'n laag grondverf aan (ons het wit gebruik), gevolg deur die verf in die kleur van jou keuse. Laat dit droog word.
- 3 Aangesien hier op 'n redelik groot oppervlak gewerk moet word, moet dit liefs in gedeeltes gedoen word. Sny die prent netjies uit en sit dit op die voorkant van jou kassie. Trek met 'n potlood al met die inkepings van die deur en laai langs. Laat altyd 'n bietjie meer toe. Sny daardie gedeeltes met jou handwerkmes uit.
- 4 Doen nou die découpagewerk: Wend 'n laag modge podge aan oor die gedeelte waar die prent kom, plak die prent in posisie vas en wend dan nog 'n paar lae modge podge bo-oor aan – sien ook die découpage-wenke wat volg.

Laat elke laag eers droog word voor die volgende laag. Verwyder alle oortollige modge podge versigtig met 'n klam lap sonder om die prent te beskadig. Laat dit goed droog word.

5 Verseël die oppervlak met spuitverniss en laat dit heeltemal droog word.

WENKE VIR DIE DÉCOUPAGE VAN 'N GROTER OPPERVLAK

- ✿ Gebruik die aanstrykmetode vir 'n groot oppervlak: Wend modge podge oor die oppervlak aan, wag dat dit droog word en sit dan jou papierprent daarop neer. Bedek dit met perkament- of bakpapier en stryk die prent aan die oppervlak vas met jou yster op lae hitte gestel (nie stoom nie).
- ✿ Werk van binne na buite om van alle borrels ontslae te raak.
- ✿ 'n Ligte sproei met water sal die papierprent meer plooibaar maak en 'n haardroër sal van die kreukels help ontslae raak.





OORKRUISGORDYN

Gee nuwe lewe aan 'n vervelige ou hanggordyn met dié vinnige plan. Hang die gordyn op soos jy normaalweg sou doen, maar kruis die lengtes oor mekaar om dié elegante oorkruis-effek te skep.



LIGTE OOMBLIK

MOEILIKHEIDSGRAAD: maklik **TYD:** halfuur

Maak 'n ligskakelaar deel van die prentjie deur 'n prent (ons het een op 'n gratis prentwebwerf gekry) op 'n plakker te laat druk en dit op die voorkant van die skakelaar te plak. Verwyder die deksel van die skakelaar voordat jy die prent vasplak sodat jy die prent agter die deksel kan invou en dit nie sal opkrul nie.

WENK: Laat die prent op 'n glansplakker druk sodat dit maklik is om skoon te maak.



KINKELS & KABELS

Met die kouer maande net om die draai, kan jy solank hierdie pragtige oortrui met sy kabelpatroon vir daardie koue dae tussenin begin brei.

projek MARICA PERREIRA

MOEILIKHEIDSGRAAD: gevorderd

TYD: omtrent 50 uur

GROOTTE

Grootte 34 (lospassend)

Werklike rondommaat vir borsmaat
100 cm

Lengte agter 60 cm

LET WEL: Dikker breidraad en breipenne
sal 'n groter oortrui gee.

JY BENODIG

♥ 8 x 50 g-bolle Scheepjes Catona
in kleur 393

♥ 3,5 mm-sirkelbreipen

♥ kabelpen

♥ breispeld

♥ 6 steekmerkers

SPANNING

24 ste en 34 rye van ks = 10 x 10 cm

AFKORTINGS

adl – agter deur lus

aw – aweregs

aw2tes – aweregs 2 steke tesame

awm – aweregs manier

da – draad agter

do – draad oor

dv – draad voor

ggr – glip, glip, regs

gl – glip

h/a – heg af

her – herhaal

KP – kabelpen

ks – koussteek

LP – linkerpen

pat – patroon

PM – plaas steekmerker

r – regs

r2tes – regs 2 steke tesame

rm – regs manier

SM(s) – steekmerker(s)

st(e) – steek(steke)

vlg – volgende

SPESIALE STEKE

m1: Tel lus tussen laaste en vlg st op, brei
deur agterkant van dié lus.

ggr: Gl vlg 2 ste een vir een rm, plaas ste
terug op LP en r adl.

K3V: Gl vlg 2 ste op KP en hou aan
voorkant van werk, aw1 van LP, r2 van KP.

K3A: Gl vlg st op KP en hou aan agterkant
van werk, r2 van LP, aw1 van KP.

K5V: Gl vlg 3 ste op KP en hou aan
voorkant van werk, r2 van LP, gl 3e st op
KP terug op LP, aw1, r2 van KP.

K5A: Gl vlg 3 ste op KP en hou aan
agterkant van werk, r2 van LP, gl 3e st op
KP terug op LP, aw1, r2 van KP.

SO BREI JY

AGTERPANT

Stel 121 ste op.

Ry 1: Dv, gl1 awm, da, r1, aw3, *r3, aw3,
her van * tot by laaste 2 ste, dv, gl1 awm,
da, r1.

Ry 2: Dv, gl1 awm, da, r1, r3, *aw3, r3,
her van * tot by laaste 2 ste, dv, gl1 awm,
da, r1.

Her dié 2 rye (= 3 x 3-rif) tot jy 26 rye het.

Vlg ry: R2tes, r tot by laaste 2 ste, r2tes
(= 119 ste).

Vlg ry: Aw.

Gaan reguit verder in ks (= r 1 ry, aw 1 ry)
tot jy 106 rye ná die rif het.

FATSOENEER ARMSGAT

Heg 6 ste af aan die begin van die vlg
2 rye.

Vlg ry: R2, ggr, r tot by laaste 4 ste, r2tes,
r2.

Vlg ry: Aw.

Her laaste 2 rye nog 4 keer (= 97 ste).

Gaan reguit verder totdat jy 166 rye
ks het.

FATSOENEER SKOUERS

Vlg ry: R86, draai, laat 11 ste ongebrei.

Vlg ry: Aw75, draai.

Vlg ry: R64, draai.

Vlg ry: Aw53, draai.

Vlg ry: R11, draai.

Vlg ry: Aw33.

Heg 33 ste af.

Gl middelste 31 ste op 'n breispeld vir die halsrand en las die draad aan die oorblywende 33 ste.

Vlg ry: R33.

Vlg ry: Aw33.

Heg 33 ste af.

VOORPANT

Stel 121 ste op.

Ry 1: Dv, gl 1 awm, da, r1, aw3, *r3, aw3, her van * tot by laaste 2 ste, dv, gl 1 awm, da, r1.

Ry 2: Dv, gl 1 awm, da, r1, r3, *aw3, r3, her van * tot by laaste 2 ste, dv, gl 1 awm, da, r1.

Her dié 2 rye tot jy 10 rye het.

Vermeerderingsry: Aw2tes, aw22, m1, aw2, r2, aw1, m1, r2, aw1, r2, m1, aw1, r2, aw2, m1, aw14, r5, m1, r2, aw1, r2, m1, r5, aw14, m1, aw2, r2, aw1, m1, r2, aw1, r2, m1, aw1, r2, aw2, m1, aw22, aw2tes (= 129 ste).

Plasingsry (in dié ry sit ons SMs in om die patroonpanele van die gewone panele te skei): R24, PM, [r2, aw2, r2, aw2, r1, aw2, r2, aw2, r2], PM, r15, PM, [aw8, r1, aw8], PM, r15, PM, [r2, aw2, r2, aw2, r1, aw2, r2, aw2, r2], PM, r24.

LET WEL: Hou die SMs deurgaans in plek vir die pat.

Pat-herhaling begin hier.

Ry 1: Aw24, [aw2, K3V, K3A, aw1, K3V, K3A, aw2], aw15, [r4, r2tes, r2, do, aw1, do, r2, ggr, r4], aw15, [aw2, K3V, K3A, aw1, K3V, K3A, aw2], aw24.

Ry 2: R24, [r3, aw4, r3, aw4, r3], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r3, aw4, r3, aw4, r3], r24.

Ry 3: Aw24, [aw3, r1, K3A, aw3, K3V, r1, aw3], aw15, [r3, r2tes, r2, do, r1, aw1, r1, do, r2, ggr, r3], aw15, [aw3, r1, K3A, aw3, K3V, r1, aw3], aw24.

Ry 4: R24, [r3, aw3, r5, aw3, r3], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r3, aw3, r5, aw3, r3], r24.

Ry 5: Aw24, [aw3, K3A, aw2, r1, aw2, K3V, aw3], aw15, [r2, r2tes, r2, do, r2, aw1, r2, do, r2, ggr, r2], aw15, [aw3, K3A, aw2, r1, aw2, K3V, aw3], aw24.

Ry 6: R24, [r3, aw2, r3, aw1, r3, aw2, r3], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r3, aw2, r3, aw1, r3, aw2, r3], r24.

Ry 7: Aw24, [aw2, K3A, aw2, r3, aw2, K3V, aw2], aw15, [r1, r2tes, r2, do, r3, aw1, r3, do, r2, ggr, r1], aw15, [aw2, K3A, aw2, r3, aw2, K3V, aw2], aw24.

Ry 8: R24, [r2, aw2, r3, aw3, r3, aw2, r2], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r2, aw2, r3, aw3, r3, aw2, r2], r24.

Ry 9: Aw24, [aw1, K3A, aw2, r5, aw2, K3V, aw1], aw15, [r2tes, r2, do, r4, aw1, r4, do, r2, ggr], aw15, [aw1, K3A, aw2, r5, aw2, K3V, aw1], aw24.

Ry 10: R24, [r1, aw2, r3, aw5, r3, aw2, r1], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r1, aw2, r3, aw5, r3, aw2, r1], r24.

Ry 11: Aw24, [K3A, aw3, r5, aw3, K3V], aw15, [r4, r2tes, r2, do, aw1, do, r2, ggr, r4], aw15, [K3A, aw3, r5, aw3, K3V], aw24.

Ry 12: R24, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r24.

Ry 13: Aw24, [r2, aw4, r5, aw4, r2], aw15, [r3, r2tes, r2, do, r1, aw1, r1, do, r2, ggr, r3], aw15, [r2, aw4, r5, aw4, r2], aw24.

Ry 14: R24, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r24.

Ry 15: Aw24, [r2, aw4, r5, aw4, r2], aw15, [r2, r2tes, r2, do, r2, aw1, r2, do, r2, ggr, r2], aw15, [r2, aw4, r5, aw4, r2], aw24.

Ry 16: R24, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [aw2, r4, aw5, r4, aw2], r24.

Ry 17: Aw24, [K3V, aw3, r5, aw3, K3A], aw15, [r1, r2tes, r2, do, r3, aw1, r3, do, r2, ggr, r1], aw15, [K3V, aw3, r5, aw3, K3A], aw24.

Ry 18: R24, [r1, aw2, r3, aw5, r3, aw2, r1], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r1, aw2, r3, aw5, r3, aw2, r1], r24.

Ry 19: Aw24, [aw1, K3V, aw2, K5A, aw2, K3A, aw1], aw15, [r2tes, r2, do, r4, aw1, r4, do, r2, ggr], aw15, [aw1, K3V, aw2, K5V, aw2, K3A, aw1], aw24.

Ry 20: R24, [r2, aw2, r2, aw2, r1, aw2, r2, aw2, r2], r15, [aw8, r1, aw8], r15, [r2, aw2, r2, aw2, r1, aw2, r2, aw2, r2], r24.

Her dié 20 rye 5 keer. Dit is nou altesaam 102 rye ná die riffelstrook.

Hou die pat korrek van hier af, beginnende weer met ry 1.

Ry 103 (pat-ry 1): Pat 56, r4, h/a 9, r3 (daar moet nou 4 r ste aan elke kant van die h/a-gedeelte wees), pat 56.

REGTERVOORPANT

Ry 104: Pat 60, draai.

Ry 105: R3, ggr, pat tot einde.

Ry 106: Pat tot einde.

Ry 107: Pat tot einde.

Ry 108: H/a 8 ste, pat tot einde.

Ry 109: R3, ggr, pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Ry 110: Pat tot einde.

Ry 111: Pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Ry 112: Pat tot einde.

Ry 113: Pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Ry 114: Pat tot einde.

Ry 115: R3, ggr, pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Ry 116: Pat tot einde.

Ry 117: Pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Rye 118, 119, 120: Pat tot einde.

Ry 121: R3, ggr, pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.



Rye 122, 123, 124: Pat tot einde.

Ry 125: Pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Ry 126: Pat tot einde.

Ry 127: R3, ggr, pat tot einde.

Ry 128: Pat tot einde.

Ry 129: Pat tot by laaste 4 ste, aw2tes, aw2.

Fatsoenering van armsgat is nou voltooi. Gaan verder met fatsoenering van halsrand deur ry 127 in rye 133, 139, 145, 151, 157 en 163 te herhaal. Alle ander rye tot met ry 166 is 'pat tot einde'.

Ry 167: Pat 22, draai.

Ry 168: Pat 22, draai.

Ry 169: Pat 11, draai.

Ry 170: Pat 11, draai.

Ry 171: Pat 33, draai.

Ry 172: Pat 33, draai.

H/a.

LINKERVOORPANT

Ry 104: Pat 60, draai.

Ry 105: Pat tot by laaste 5 ste, r2tes, r3.

Ry 106: Pat tot einde.

Ry 107: H/a 8 ste, pat tot einde.

Ry 108: Pat tot einde.

Ry 109: Aw2, aw2tes, pat tot by laaste 5 ste, r2tes, r3.

Ry 110: Pat tot einde.

Ry 111: Aw2, aw2tes, pat tot einde.

Ry 112: Pat tot einde.

Ry 113: Aw2, aw2tes, pat tot einde.

Ry 114: Pat tot einde.

Ry 115: Aw2, aw2tes, pat tot by laaste 5 ste, r2tes, r3.

Ry 116: Pat tot einde.

Ry 117: Aw2, aw2tes, pat tot einde.

Rye 118, 119, 120: Pat tot einde.

Ry 121: Aw2, aw2tes, pat tot by laaste 5 ste, r2tes, r3.

Rye 122, 123, 124: Pat tot einde.

Ry 125: Aw2, aw2tes, pat tot einde.

Ry 126: Pat tot einde.

Ry 127: Pat tot by laaste 5 ste, r2tes, r3.

Ry 128: Pat tot einde.

Ry 129: Aw2, aw2tes, pat tot einde.

Fatsoenering van armsgat is nou voltooi. Gaan verder met fatsoenering van halsrand deur ry 127 in rye 133, 139, 145, 151, 157 en 163 te herhaal. Alle ander rye tot met ry 166 is 'pat tot einde'.

Ry 167: Pat 33, draai.

Ry 168: Pat 22, draai.

Ry 169: Pat 22, draai.

Ry 170: Pat 11, draai.

Ry 171: Pat 11, draai.

Ry 172: Pat 33, draai.

H/a.

AFWERKING

Werk die skouernate toe.

HALSRAND

Met die regte kant van werk na jou toe, tel ste op aan die sykant van die halsrand, beginnende in die hoek van die h/a-ste in die middelvoor, r 3 keer in die 1e ry, tel op en r 3 ste oor elke 4 rye tot by die skouernaat, r die 31 ste op die breispeld, tel dan op en r 3 ste oor elke 4 rye aan die ander sykant van die halsrand, r 3 keer in die laaste ry. Jy moet 'n veelvoud van 3 ste hê en dus die ste aanpas indien nodig. Brei 6 rye van 3 x 3-rif en h/a. Die sykante van die 6 rye word aan die h/a-rand in die middelvoor vasgewerk.

ARMSGATRANDE

Met die regte kant van die werk na jou toe, beginnende by die onderarm, tel op en r die h/a-ste, tel dan op en r 3 ste oor elke 4 rye en eindig met die h/a-ste aan die ander kant. Weer eens het jy 'n veelvoud van 3 ste vir die 3 x 3-rif nodig. Brei 6 rye 3 x 3-rif en h/a. Werk die synate toe van die onderarm af tot by die begin van die rif. Die rif word nie toegewerk nie en vorm 'n spleet. Werk alle breidraadpunte in.



KOESTER-SEISOEN

Hierdie pragtige kwilt bring die draai van die seisoene tot in jou slaapkamer.

projek DEWALD COMPION

MOEILIKHEIDSGRAAD: uitdagend

TYD: sowat 'n maand (afhangend van hoeveel ure in jou dag is!)

VOLTOOIDE GROOTTE

90" x 90" (omtrent 229 x 229 cm)

JY BENODIG

- ♥ patrone op bladsye 80-81
 - ♥ charcoal materiaal (materiaal 1): 3 m
 - ♥ botaniesbedrukte materiaal/agtergrondmateriaal (materiaal 2): 5,5 m
 - ♥ botaniesbedrukte rugkantmateriaal: 2,5 x 2,5 m
 - ♥ watteersel: 2,5 x 2,5 m
 - ♥ omboorselmateriaal: charcoal materiaal (materiaal 1): 60 cm
- LET WEL:** Die breedte van die materiaal (BVM) is 110 cm, tensy anders aangedui.

MATERIAALKEUSE

Dié kwilt is met botaniesbedrukte materiaal gemaak, maar digbedrukte of gekoopte bedrukte materiaal kan ook gebruik word. Gebruik materiaal waarop die motiewe klein gedruk is en nie in een rigting loop nie, wat hoofsaaklik na een kleur lyk. Maak seker die verskil tussen die twee materiale is duidelik sodat die sekondêre ontwerpe kan uitstaan. Die kwilt is gemaak met 'n kombinasie van tradisionele laswerk en Foundation Paper Piecing (FPP). Jy kan kies om al die blokke op tradisionele wyse te las, maar ek verkies die akkuraatheid en skerp punte wat jy met FPP kry, vir sommige van die blokke. Die kwilt bestaan uit (4) 18" Sterblokke, (5) 18" Diamantblokke en (16) Randblokke (3 variasies). Deur dié blokke af te wissel en te roteer, word die optiese illusies van beweging en sirkels geskep.

DIAGRAM 1



VOORBEREIDING EN UITKNIP

Patrone (insluitend 'n ¼" naattoelating) word op bladsye 80-81 vir die 6 verskillende FPP-eenhede gegee. Kopieer die patrone dubbelgrootte op jou kopieermasjien. Nadat die kopieë gemaak is, gebruik die 1" vierkant om te toets of jou grootte korrek is. Maak 16 kopieë van Eenheid 4, 8 kopieë van Eenheid 5, 24 kopieë van Eenheid 7, 8 kopieë van Eenheid 9 en 10, en 32 kopieë van Eenheid 8. Maak 'n kopie van die materiaal knippatrone A-C en knip op die stippellyne uit.

VAN DIE CHARCOAL MATERIAAL (MATERIAAL 1), KNIP:

Eenheid 1: agt (8) 3½" x 3½" vierkante.

Eenheid 2: vier (4) 8" x 8" vierkante vir 8-op-'n-keer Halwe Vierkant Driehoek (HVD).

Eenheid 3: twee-en-dertig (32) 3½" x 3½" vierkante en vier (4) 8" x 8" vierkante (vir HVD).

Eenheid 4: agt (8) 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om sestien driehoeke te maak. Knip agt 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om sestien driehoeke te maak.

Eenheid 5: vier (4) 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 7: twaalf (12) 5½" x 5½" vierkante en knip diagonaal om vier-en-twintig driehoeke te maak. Knip vier-en-twintig 3½" x 6½" reghoeke.

Eenheid 8: vier-en-sestig (64) 4" x 4" vierkante en knip diagonaal om honderd-agt-en-twintig driehoeke te maak.

Eenheid 9: vier (4) 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier (4) 4½" x 6¾" reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 10: vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 11: agt (8) $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ vierkante.

VAN DIE BOTANIESBEDRUKTE MATERIAAL/ AGTERGRONDMATERIAAL (MATERIAAL 2), KNIP:

Vir die rande: twee (2) $9\frac{1}{2}'' \times 72\frac{1}{2}''$ stroke en twee (2) $9\frac{1}{2}'' \times 90\frac{1}{2}''$ stroke. (Jy kan ook dié stroke las as korter stukke materiaal gebruik word).

Eenheid 1: agt (8) $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ vierkante.

Eenheid 2: twee-en-dertig (32) $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ vierkante en vier (4) $8'' \times 8''$ vierkante vir 8-op-'n-keer HVD.

Eenheid 3: vier (4) $8'' \times 8''$ vierkante. (Sien 8-op-'n-keer HVD-metode by laswerk.)

Eenheid 4: agt (8) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om sestien driehoeke te maak. Knip agt (8) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om sestien driehoeke te maak.

Eenheid 5: vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 6: vyf (5) $6\frac{1}{2}'' \times 6\frac{1}{2}''$ vierkante.

Eenheid 7: vier-en-twintig (24) $4'' \times 4''$ vierkante en knip diagonaal om agt-en-veertig driehoeke te maak.

Eenheid 8: sestien (16) $4'' \times 4''$ vierkante en knip diagonaal om twee-en-dertig driehoeke te maak en knip $3''$ stroke die breedte van die materiaal (BVM) en gebruik patroon C om altesaam twee-en-dertig (32) trapesoïdes te knip.

Eenheid 9: vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 10: vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon A om diagonaal van links bo na regs onder te knip om agt driehoeke te maak. Knip vier (4) $4\frac{1}{2}'' \times 6\frac{3}{4}''$ reghoeke en gebruik patroon B om diagonaal van regs bo na links onder te knip om agt driehoeke te maak.

Eenheid 11: agt (8) $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ vierkante.

Eenheid 12: agt (8) $3\frac{1}{2}'' \times 18\frac{1}{2}''$ reghoeke.

Eenheid 13: agt (8) $3\frac{1}{2}'' \times 6\frac{1}{2}''$ reghoeke.

Eenheid 14: vier (4) $3\frac{1}{2}'' \times 9\frac{1}{2}''$ reghoeke.

LASWERK

Jy is nou gereed om die eenhede te begin las. Aangesien daar baie herhalende laswerk in dié kwilt is, beveel ek aan jy maak al die dele van die eenhede deur kettlinglaswerk (*chain-piecing*) om vinniger te werk en dan al die eenhede te maak voordat die blokke aanmekaargesit word.

Gebruik altyd 'n $\frac{1}{4}''$ naattoelating wanneer blokke en eenhede gelas word, behalwe wanneer FPP gedoen word, waar jy bo-op die getekende lyne van die patrone werk.

Eenheid 1: Maak altesaam vier (4) $6\frac{1}{2}'' \times 6\frac{1}{2}''$ vierlap-eenhede soos in Diagram 2 gewys word. Pars die nate oop.

DIAGRAM 2



Eenheid 2: Maak altesaam sestien (16). Maak twee-en-dertig $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ HVD met die agt-HVD-op-'n-keer-metode:

- Gebruik 'n merker en trek twee lyne diagonaal oor die ligte materiaal.

- Sit die twee vierkante met die rande gelyk op mekaar met die regte kante teen mekaar en speld dit so vas.

- Stik nou aan albei kante van die getrekte lyne met 'n smal $\frac{1}{4}''$ naattoelating.

- Stabiliseer die steke deur die gestikte lyne te pars sodat die steke egalig in die materiaal is.

- Knip al met die getrekte lyne langs en oor die vertikale en horisontale halfpadlyne van die blok.


- Pars die nate na die donker materiaal toe of pars dit oop en knip die blokke gelyk tot $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$.

Rangskik die HVD en botaniese materiaal soos in Diagram 3 gewys word en maak altesaam sestien eenhede. Pars die nate oop.

DIAGRAM 3



Eenheid 3: Maak altesaam sestien (16). Maak twee-en-dertig $3\frac{1}{2}'' \times 3\frac{1}{2}''$ HVD met die agt-HVD-op-'n-keer-metode soos wat hierbo by Eenheid 2 uiteengesit is. Rangskik die HVD- en charcoal blokke soos in Diagram 4 gewys word en maak altesaam sestien eenhede. Pars die nate oop.

DIAGRAM 4

Gebruik die FPP-patrone op bladsye 80-81 om Eenhede 4, 5, 7, 8, 9 en 10 te maak. Die aantal kopieë wat jy moet maak vir elke patroon, word op die patroon aangedui.

- ✿ Verklein jou steeklengte na 1,5 op jou naaimasjien. Jy moet kleiner stekies hê sodat, wanneer die papier verwyder moet word, dit makliker sal losskeur. Foundation Piecing is 'n tegniek waarin jy jou materiale in 'n sekere volgorde op papier vaswerk.

- ✿ Sorteer jou materiaal in hopies vir elke blok.

- ✿ Las elke gedeelte volgens die numering op die patroon.

Las die gedeeltes volgens die monteringsdiagram. Hou parsgereedskap, soos 'n strykyster of naatroller, byderhand, en pars elke naat voordat die volgende materiaal aangelas word.

- ✿ Lê jou materiaal vir Deel 1 op die agterkant van die patroon, met die verkeerde kant van die materiaal teen die agterkant van die papier. Maak seker dit bedek die area vir Deel 1 heeltemal, plus ten minste 1/2" rondom vir 'n naattoelating. Speld of lym die materiaal aan die papier vas.

- ✿ Kry die lyn tussen Deel 1 en Deel 2. Dit is die naat wat jy gaan werk. Vou die naatlyn terug en knip die naattoelating vir Deel 1 af tot 1/4". Sit dan die Deel 2-materiaal bo-op die Deel 1-materiaal, sodat die regte kante teen mekaar is en die naattoelatings gelyk. Draai die papier om en werk op die lyn tussen Deel 1 en Deel 2. Moenie agteruit stik nie.

- ✿ Vou die Deel 2-materiaal terug oor die naat wat jy pas gewerk het. Maak seker dit bedek die hele spasie vir Deel 2, plus 'n naattoelating. Knip oortollige materiaal aan die naat af en laat 'n 1/4" naattoelating. Vou Deel 2 terug in posisie en pars dit.

- ✿ Lê die materiaal vir Deel 3 op die papier om die Deel 3-area te bedek. Werk Deel 3 aan, soos voorheen, vou dit terug en kyk of die hele gedeelte bedek is. Pars dit en knip smaller.

- ✿ Gaan voort soos genommer totdat die hele gedeelte gelas is. Pars die hele gedeelte deeglik en knip die blok netjies volgens die rande van die patroon. Verwyder al die papiere en pars weer.

Eenheid 4: Maak sestien (16) eenhede volgens die FPP-metode.

DIAGRAM 5

Eenheid 5: Maak nou agt (8) eenhede, ook volgens die FPP-metode.

DIAGRAM 6

Eenhede 6, 12, 13 en 14 is digbedrukte botaniese materiaal-vierkante en -reghoeke volgens die knipaanwysings.

Eenheid 7: Maak vier-en-twintig (24) eenhede, ook volgens die FPP-metode.

DIAGRAM 7

Eenheid 8: Maak twee-en-dertig (32) eenhede, ook volgens die FPP-metode.

DIAGRAM 8

Eenheid 9: Maak agt (8) eenhede, ook volgens die FPP-metode.

DIAGRAM 9

Eenheid 10: Maak agt (8) eenhede altesaam, ook volgens die FPP-metode.


DIAGRAM 10

Eenheid 11: Sien Diagram 11 op bladsy 78 en werk een charcoal 3 1/2" x 3 1/2" vierkant en een botaniesbedrukte 3 1/2" x 3 1/2" vierkant aan mekaar om 'n 3 1/2" x 6 1/2" reghoek te maak. Herhaal die proses om altesaam agt (8) te maak. Pars die nate oop om te voltooi. Jy is nou gereed om te begin monteer.


DIAGRAM 11

MONTEER DIE BLOKKE
STERBLOKKE (SB) – MAAK VIER BLOKKE

Rangskik die eenhede in rye van 3 soos in Diagram 12. Speld die blokke vas met die nate wat ooreenstem. Werk die blokke aan mekaar vas om 3 rye te maak en pars die nate oop. Werk die rye aan mekaar vas en pars die voltooide blokke nog 'n laaste keer.

DIAGRAM 12

DIAMANTBLOKKE (DB) – MAAK VYF BLOKKE

Rangskik die eenhede in rye van 3 soos in Diagram 13. Speld die blokke vas met die nate wat ooreenstem. Werk die blokke aan mekaar vas om 3 rye te maak en pars die nate oop. Werk die rye aan mekaar vas en pars die voltooide blokke nog 'n laaste keer.


DIAGRAM 13

RANDBLOK 1 (BB1) – MAAK AGT BLOKKE

Rangskik die eenhede soos in Diagram 14. Rangskik twee-twee Eenhede 3 en 9, 4 en 11, en 2 en 10. Werk die blokke aan mekaar vas en pars die nate oop. Werk die pare blokke aan mekaar vas soos gewys word, pars die nate oop en pars die voltooide blokke nog 'n laaste keer.

DIAGRAM 14

RANDBLOK 2 (BB2) – MAAK VIER BLOKKE

Rangskik Eenhede 8, 7 en 8 in 'n ry soos in Diagram 15. Speld die blokke vas met die nate wat ooreenstem. Werk die blokke aan mekaar vas om 'n ry te maak en pars die nate oop. Werk die ry en Eenheid 12 aan mekaar vas en pars die voltooide blokke nog 'n laaste keer.

DIAGRAM 15

RANDBLOK 3 (BB3) – MAAK VIER BLOKKE

Sit Eenhede 8 en 13 in lyn en werk dit aan mekaar vas. Pars die nate oop. Sit die gewerkte strook in lyn met Eenheid 14 en werk dit aan mekaar vas. Pars die voltooide blokke nog 'n laaste keer.

DIAGRAM 16


MONTEER DIE KWILTVOORKANT

- 1 Rangskik die blokke in rye soos in Diagram 17 hier oorkant. Let op die roterende posisies van die Sterblokke in Ry 3.
- 2 Speld die blokke vas met die nate wat ooreenstem. Werk die blokke aan mekaar vas om 5 rye te maak en pars die nate oop.
- 3 Werk die rye aan mekaar vas en pars die nate oop.
- 4 Werk die twee korter botaniesbedrukte randstroke aan teenoorstaande rande van die voorkant vas. Pars die nate oop.
- 5 Las laastens die twee langer botaniesbedrukte stroke aan die twee oorblywende rande, pars die nate oop en pars die voltooide kwiltvoorkant nog 'n laaste keer.


MONTEER DIE KWILT

- 1 Berei jou rugkant voor deur 'n stuk materiaal van jou keuse van 2,5 x 2,5 m te knip.
- 2 Pars die rugkantmateriaal goed en lê dit neer, regte kant na onder, op 'n groot plat oppervlak en heg dit met plakband vas – maak seker dit is plat en sonder kreukels, maar nie te veel gestrek nie. Sentreer die watteersel bo-op en maak seker dit is plat. Voltooi laastens jou kwiltstapel deur die kwiltvoorkant, regte kant na bo, bo-op te sit. Begin in die middel en ryg dit vas met die metode wat jy verkies.
- 3 Kwilt soos jy daarvan sal hou. Ek het 'n geometriese kwiltontwerp gedoen en die loopvoetjie van my naaimasjien gebruik. Indien verkies, kan 'n patroon in vrye beweging na alle rigtings of gedetailleerde tradisionele kwiltwerk ook goed werk.
- 4 Wanneer die kwiltwerk voltooi is, knip die watteersel en rugkantmateriaal af sodat dit gelyk met die rande van die kwiltvoorkant is om jou kwilt netjies vierkantig te kry.
- 5 Berei die omboorsel voor deur die punte van die reeds geknipte 2½" BVM-stroke aan mekaar te stik met 'n naat van 45 grade om die naat minder dik te maak. Pars die omboorsel in die breedte in die helfte en boor die kwilt om deur jou gekose metode te gebruik.

DIAGRAM 17




VOLTOOIDE
KWILTVOORKANT



❁ VERGROOT DIE PATRONE MET 100% (DUBBELGROOTTE)


Om die patrone in werklike grootte te kry, stuur gerus 'n e-pos
aan Dala Watts by dala@ideasfactory.co.za.

MATERIAAL- KNIPPATROON A EN B VIR EENHEDE 4,5,9 EN 10



1" TOETS-
BLOK


MATERIAAL- KNIPPATROON C VIR EENHEID 8



1" TOETS-
BLOK

FPP-PATROON VIR EENHEID 4


Maak 16 kopieë



1" TOETS-
BLOK

FPP-PATROON VIR EENHEID 5


Maak 8 kopieë



1" TOETS-
BLOK

FPP-PATROON VIR EENHEID 7


Maak 24 kopieë



1" TOETS-
BLOK

FPP-PATROON VIR EENHEID 8

Maak 32 kopieë




1" TOETS-
BLOK




FPP-PATRONE VIR EENHEDE 9 EN 10

Maak 8 kopieë van elk



1" TOETS-
BLOK



BLOM IN 'N BLOKKIE

Hekel hierdie pragtige Arcadia-afghaan-
blomvierkant vol tekstuur om op 'n deken, serp,
trui of kussingootreksel te gebruik.

ontwerp JEN TYLER van HOOKS 'N TALES hekelwerk CORNEL STRYDOM

MOEILIKHEIDSGRAAD: uitdagend,
maar makliker as jy die skakels na die
videohulp gebruik (sien die patroonnota)

TYD: 2-3 uur per blokkie

VOLTOOIDE GROOTTE

28 x 28 cm

GROOTTE VAN VIERKANT

30 x 30 cm

JY BENODIG

Ons het die volgende gebruik:

- ♥ Mirage-4-draad in Tiger Cerise, Sunset,
Forest en Dark Turquoise
- ♥ Premier Natural Cotton-dubbeldraad
in Fuchsia en Rust
- ♥ Family Knit-dubbeldraad in Mustard
- ♥ 3 mm-hekelpen

LET WEL: Jy kan enige dikte breidraad
vir hierdie patroon gebruik (met
'n ooreenstemmende hekelpendikte).
Hou in gedagte dat die grootte
daarvolgens sal verskil.

AFKORTINGS

beg – begin
do – draad oor
dsl – dubbelslagsteek

gls – glipsteek
her – herhaal
hlb – halwe langbeen
indie-rdte – afsonderlike trossies
gehekel en getel as 'n rondte
kb – kortbeen
kb/hlb/lbab of vb – agter- of
voorbeensteke
ks – kettingsteek
lb – langbeen
rdte – rondte
RK – regte kant
sp – spasie
st(e) – steek(steke)
tes – tesame
VK – verkeerde kant
vlg – volgende

PATROONNOTA

Hierdie patroon bevat geskrewe
aanwysings. Gebruik dit asseblief saam
met Jen Tyler se volledige rondte-vir-
rondte-video bystand (sien die skakels
hieronder).

VIDEO-SKAKELS

Rdtes 1-10: youtu.be/BMTJ88MFWCo
Rdtes 11-24: youtu.be/UCm4vE5j0wU

STEKE EN TERME

Wanneer begin word met 'n steek van
'n trossie en geen aanduiding gegee
word van die aantal kettingsteke aan die
begin nie, gebruik asseblief staansteke,
byvoorbeeld staanhlb, staanlb of
staandsl. Dié steke word almal begin
deur 'n glyknoop te maak, draad oor (die
gepaste aantal keer) vóórdat die pen in
die spatie gesteek word waarin die steek
gehekel moet word. Vir staanhlb, do een
keer; vir staankb, do een keer; vir staanlb,
do twee keer. Daar is baie video's op
YouTube wat dié uiters nuttige tegniek
verduidelik.

SO HEKEL JY

Rdte 1: Met Mirage-4-draad Tiger Cerise,
ks4, las [= ks4-ring], ks3 [= 1lb] + 2lbtes
[= 1 x 3lbtes in ring], ks1 (of 2), hekel
nog 3 x 3lbtes met ks1 (of 2) [= 4 x 3lbtes
+ 4 x ks1 (of 2)]. Sluit met 'n gls in eerste
ks-sp. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 2: Met Premier Natural Cotton-
dubbeldraad Fuchsia, in 4 x ks1- of 2-sps
hekel 4lb, ks6 [= 4 x 4lb (16) + 4 x ks6-
sps]. Sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg
af, werk draadpunte in.



Rdte 3: Met Premier Natural Cotton-dubbeldraad Rust, in ks1- of 2-sp (van rdte 1) aan regterkant van eerste 1lb (van rdte 2), 1kb, ks6, 2dsl in vlg 3 sps tussen 4lb (van rdte 2) – MOENIE ELKE DSL SLUIT NIE – hekel dié 3 x 2dsl tes [= 1 x 6dsltes], ks6, 1kb in dieselfde ks1- of 2-sp aan linkerkant van laaste 1lb (van 4 in rdte 2), ks1. Gaan voort met aanwysings [= 8 x ks6-sps + 4 x 6dsltes + 4 x ks1-sps]. Sluit met 'n gls in beg-1kb. Heg af, werk alle draadpunte in.

Rdte 4A: Met Mirage-4-draad Sunset, beg met *1lbvb oor 3lbtes (van rdte 1), 7 dsl in vlg ks6-sp, ks2, 7 dsl in vlg ks6-sp*; gaan voort met aanwysings van * tot * [= 4 x * tot *], sluit met 'n gls in bokant van beg-1lbvb. Heg af, werk alle draadpunte in.

Rdte 4B: Met Mirage-4-draad Sunset, 1kbab om al die dsl (slaan ks2-sp oor), ks1, 1kbab om 1lbvb, ks1 [= 60 kbab + 8 x ks1-sps].

Rdte 5: Met Family Knit-dubbeldraad Mustard, *in ks6-sps (van rdte 2) hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], ks4, hekel van VK na RK deur ks2-sp van rdte 4A 1dslvb oor 6dsltes (van rdte 3), ks4*; gaan voort met aanwysings van * tot * [= 8 x ks4-sps + 4 dslvb]. Sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 6: Met Family Knit-dubbeldraad Mustard, beg *in ks2-hoeksp (van rdte 5) hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], ks2, 2lb in ks4-sp, ks2, 2lb in vlg ks4-sp, ks2*; gaan voort met aanwysings van * tot * [1 sy = 3 x ks2-sps + 2 x 2lb; 1 hoek = 3lb,

ks2, 3lb], sluit met gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 7: Met Mirage-4-draad Forest, beg *in ks2-hoeksp (van rdte 6) hekel 3lbtes, ks2, 3lbtes [= eerste hoek], ks8, 1lb in tweede ks2-sp (van rdte 6), ks4, 1lb in dieselfde ks2-sp [= V-st met 'n ks4-sp tussen 2lb], ks8*; gaan voort met aanwysings van * tot * [1 sy = 2 x ks8-sps + 1 x 1lb, ks4, 1lb V-st; 1 hoek = 3lbtes, ks2, 3lbtes], sluit met 'n gls in bokant van beg-3lbtes. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 8: Met Mirage-4-draad Dark Turquoise, beg *in ks2-sp tussen 2 x 3lbtes (van rdte 7) hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], ks2, 8h1b in vlg ks8-sp, 1kb in ks2-sp tussen 2 x 7dsl (van rdte 4A).

Rdte 9 (indie-rdte): Met Mirage-4-draad Tiger Cerise, beg in ks4-sp tussen 2lb (van rdte 7 – die V-st), 3dsltes, ks2, doen dit tot [= 4 x 3dsltes + 3 x ks2-sps]. Heg af. Her in ooreenstemmende V-ste (van rdte 7).

Rdte 10: Met Premier Natural Cotton-dubbeldraad Fuchsia, beg *in ks2-hoeksp (van rdte 8) hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], ks2, slaan eerste 1h1b oor (van rdte 8), 1h1b in vlg 4h1b, 4h1b in eerste ks2-sp (van rdte 9), 2lb, ks2, 2lb in tweede ks2-sp (van rdte 9), 4h1b in derde ks2-sp (van rdte 9), slaan eerste 4h1b oor (van rdte 8), 1h1b in laaste 4h1b, ks2*; gaan voort met aanwysings van * tot * [1 sy = 16 h1b + 4lb + 1 x ks1-sp + 2 x ks2-sps; 1 hoek = 3lb, ks2, 3lb], sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 11: Met Premier Natural Cotton-dubbeldraad Rust, beg *in ks2-sp (tussen 2 x 2lb van rdte 10) hekel 2lb, ks2, 2lb, ks12, 1kb in ks2-sp (van rdte 10), ks6 (agter hoek 3lb, ks2, 3lb), 1kb in vlg ks2-sp (van rdte 10), ks12*; gaan voort met aanwysings van * tot * [1 sy = 2 x ks12 + 2kb + 1 x ks6-sp + 2lb, ks2, 2lb], sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 12: Met Mirage-4-draad Sunset, beg met 1 pofst [= do x 4, ks1 om te sluit], in tweede ks2-sp tussen 2e en 3e 3dsltes (van indie-rdte 9), ks6, 3dsltes in vlg ks2-sp voor eerste 3lb (van rdte 6), hekel aan voorkant van ks12-sp van rdte 11 ks6, 1 pofst in ks2-sp tussen 2 x 3lbtes (van rdte 7), ks6, 3dsltes in vlg ks2-sp (ná 3lb van rdte 6), ks6. Onthou om aan voorkant van ks12 te hekel. Gaan voort met aanwysings [= 8 pofste + 8 x 3dsltes + 16 x ks6-sps]. Kyk asseblief na die video vir dié ingewikkelde steekplasing. Sluit met 'n gls in beg-pofst. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 13: Met Family Knit-dubbeldraad Mustard (indie-rdte), beg in sp tussen 4h1b (eerste 4h1b gehekel in eerste ks2-sp van rdte 9) slaan eerste 2h1b oor, in vlg sp 3 x 3dsltes met 'n ks2 tussenin [= 3 x 3dsltes + 2 x ks2-sps]. Heg af, werk draadpunte in. Her nog 7 x in ooreenstemmende sps [= 8 x 3 x 3dsltes (24) + 16 x ks2-sps].

Rdte 14: Met Mirage-4-draad Forest, beg *in ks2-hoeksp (van rdte 10) hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], in vlg ks2-sp



3lb, ks2, 3lb, ks12, 1kb in vlg ks2-sp (VK van rdte 10 tussen 2 x 2lb), ks12, in vlg ks2-sp 3lb, ks2, 3lb*; gaan voort met aanwysings van * tot * [1 sy = 2 x ks12sps + 1kb + 2 x 3lb, ks2, 3lb; 1 hoek = 3lb, ks2, 3lb]. Sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 15: Met Mirage-4-draad Dark Turquoise (indie-rdte), beg in ks2-hoeksp (van rdte 14) hekel 4 x 3dsles met ks2-sps tussenin. Heg af en hekel nog 3 x in ooreenstemmende ks2-hoeksp.

Rdte 16: Met Mirage-4-draad Tiger Cerise, beg in tweede ks2-sp tussen 2e en 3e 3dsles van rdte 15 hekel 3lb, ks2, 3lb [= eerste hoek], 3lb in vlg ks2-sp (van rdte 15), 1 pofst [= do x 4, ks1 om te sluit] in vlg ks2-sp tussen 2 x 3lb, 3lb in vlg 2 x ks2-sps (van rdte 13) – jy doen dit so: trek die ks12 (van rdte 14) na onder die ks2-sps en hekel in die ks12 [= SY A] – ks1, 1 pofst in ks2-sp tussen vlg 2 x 2lb (van rdte 11), ks1. Spieël SY A. Her hoek, her alles [1 sy = 3 pofste + 2 x ks1-sps + 18 lb; 1 hoek = 3lb, ks2, 3lb]. Sluit met 'n gls in tweede 1lb. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 17: Met Premier Natural Cotton-dubbeldraad Fuchsia, beg in ks2-hoeksp (van rdte 16) hekel 2h1b, ks2, 2h1b [= eerste hoek], 1h1b in vlg 5 sps tussen 1b (van rdte 16), 2 pofste in vlg 1 pofst (dit word gehekel do x 3, ks1 om te sluit), slaan vlg 1lb oor, 1h1b in vlg 5 sps, 1h1b in vlg ks1-sp [= SY A], slaan pofst oor. Spieël SY A. Her hoek, her alles [1 sy = 22 h1b + 2 x 2 pofste; 1 hoek = 2h1b, ks2,

2h1b]. Sluit met gls in tweede 1h1b. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 18: Met Premier Natural Cotton-dubbeldraad Rust, beg in ks2-hoeksp (van rdte 17) hekel 2h1b, ks2, 2h1b [= eerste hoek], 1h1b in vlg 7 sps, 2 pofste tussen vlg 2 pofste, 1h1b in vlg sp, dan 1h1b in vlg 12 sps [= 13 h1b], 2 pofste tussen vlg 2 pofste, 1h1b in vlg 7 sps, her hoek, her alles [1 Sy = 27 h1b + 2 x 2 pofste; 1 hoek = 2h1b, ks2, 2h1b]. Sluit met 'n gls in tweede h1b. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 19: Met Mirage-4-draad Sunset, beg in ks2-hoeksp (van rdte 18) hekel 1 pofst (= do x 4, ks1 om te sluit) [= eerste hoek], ks2, slaan eerste 2h1b oor (van rdte 18), 1h1bvb oor vlg 31 ste, ks2, slaan vlg 2h1b oor, her hoek, her alles [1 Sy = 31 h1bvb + 2 x ks2-sps; 1 hoek = 1 pofst (do x 4, ks1 om te sluit)]. Sluit met 'n gls in beg-pofst. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 20: Met Family Knit-dubbeldraad Mustard, beg met 1 pofst, ks2, 1 pofst in hoek-pofst (van rdte 19) [= eerste hoek], ks2. Draai hekelwerk na VK om en kry agterlusse van vorige h1bvb. Beg ná eerste lus (hekel in rdte 18, maar tussen agterlusse) 1h1b in alle sps tussen daardie agterlusse [= 30 h1b], ks2, her hoek, her alles [1 Sy = 30 h1b + 2 x ks2-sps; 1 hoek = 1 pofst, ks2, 1 pofst]. Sluit met 'n gls in bokant van beg-pofst. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 21: Met Family Knit-dubbeldraad Mustard, (die video begin met 1lb, ks2, 1lb in ks2-hoeksp – beide metodes is

reg) beg met 1 pofst in eerste hoek-pofst (van rdte 20), ks1, in ks2-hoeksp hekel (1lb, ks2, 1lb), ks1, 1 pofst in vlg hoek-pofst (van rdte 20) [= eerste hoek], ks2, slaan eerste 1h1b oor (van rdte 20), 1lb, ks2, slaan 2 'bene' oor, her en gaan voort met aanwysings [= 15 lb + 14 x ks2-sps], ks2, her hoek, her alles [1 Sy = 15 lb + 16 x ks2-sps; 1 hoek = 1 pofst, ks1, 1lb, ks2, 1lb, ks1, 1 pofst]. Sluit met 'n gls in beg-pofst. Heg af, werk draadpunte in.

Rdte 22: Met Mirage-4-draad Forest (indie-rdte), beg tussen eerste 2 x '2 bene' tussen 1b hekel *1 Springmielie-st, ks1, slaan vlg 1lb oor*; gaan voort met hekel van * tot * tot [= 14 Springmielie-steke + 13 x ks1-sps]. Heg af, her nog 3 x.

Rdte 23: Met Mirage-4-draad Dark Turquoise, beg met 1 pofst in eerste hoek-pofst (van rdte 21), ks2, in vlg ks2-hoeksp hekel 1lb, ks2, 1lb, ks2, 1 pofst in vlg pofst [= eerste hoek], ks2, 1lbvb oor eerste 1lb (van rdte 21), 1kb in Springmielie-st, ks1, 1lbvb oor vlg 1lb, 1kb in Springmielie-st, ks1, 1lbvb oor vlg 1lb ... ensovoorts, ks2, her hoek, her alles [1 Sy = 15 lbvb + 14 kb + 13 x ks1-sps + 2 x ks2-sps; 1 hoek = 1 pofst, ks2, 1lb, ks2, 1lb, ks2, 1 pofst]. Sluit met 'n gls in beg-pofst. Heg af, werk alle draadpunte in.

Rdte 24: Met Mirage-4-draad Tiger Cerise (indie-rdte), steek pen in soos gewys word, trek ks6 (van rdte 11) vorentoe onder ks2-hoeksp (van rdte 10), ks12, trek ketting oor en tussen 2e en 3e 3dsles (van rdte 15) in. Heg aan VK om te voltooi.



Kreatiwiteit gaan daaroor om onself uit te druk – vir die blote plesier daarvan en op maniere wat net vir óns hoof sin te maak. Wanneer ons vergeet om tyd in te ruim om skeppend te wees, kan die lewe bra dof en kleurloos voel, sonder dat ons beseft waarom. Kreatiwiteit kan tot katarsis en kalmte lei, maar ons ook verkwik en meer doelgerig laat voel. Wanneer ons onself toelaat om vindingryk en oorspronklik te wees, maak ons 'die hekke van gee' oop – vir onself én vir ander. Waar en hoe begin 'n mens dus?

Baie van ons glo kreatiwiteit is iets waarmee net kunstenaars, skrywers en ontwerpers hulle besig hou. Ons dink die woord 'kreatief' is slegs mense beskore met 'n duidelike en erkende talent. Maar die oordeel oor wat 'goeie kreatiwiteit' is, is totaal subjektief – dit is eerder die daad van skep wat soveel vir ons kan beteken. Laat jy jouself toe om kreatief te wees? En moet kreatiwiteit en speel noodwendig afneem soos 'n mens ouer en volwasse word? Jy kan kies om sommer van vandag af bewustelik maniere te vind om jou kreatiwiteit te verken en uit te brei sodat dit 'n nuwe dimensie tot jou lewe kan toevoeg. Om iets te skep beteken eenvoudig om iets te maak wat nie voorheen bestaan het nie. Wat gaan jy maak?

Jy kan 'n maaltyd kook of 'n tuin plant; 'n vriendelike boodskap, storie of liedjie skryf; 'n skets, skildery, beeldhouwerk, meubelstuk of selfs net 'n blommerangskikking maak; jy kan 'n tafel mooi dek; 'n partytjie reël; 'n kas netjies pak; 'n sportmaneuver oefen; 'n strategie of oplossing of speletjie uitdink; 'n kombers hekel of brei; 'n interessante gesprek voer; 'n reisplan opstel; of 'n oefensessie kafdraf. Dit gaan nie soseer daaroor om iets te voltooi nie, hoewel jy wel sal ontdek dat jy dinge makliker klaarmaak as jy die proses geniet en hou van hoe jy voel terwyl jy iets skep.

SKEP NET!

Jy hoef nie 'n kunstenaar te wees om skeppend te wees nie. Begin eenvoudig – en geniet alles wat daarop volg, sê **Louise Janovsky**.

stilerling HANNES KOEGELENBERG foto ED O'RILEY

Die vreugde om iets nuuts te maak kan diep bevredigend wees. Jy het dalk weggetrek met 'n einddoel in gedagte, maar jy weet nooit of die finale produk soos jou oorspronklike plan gaan lyk nie. Jou skepping kan heeltemal anders uitdraai en jou verras. As die kreatiewe daad jou plesier verskaf, sal jy daarheen terugkeer omdat die praktyk self, maar ook die uiteenlopende resultate daarvan, die moeite werd voel.

Hier is vyf nadink-oefeninge wat jou sal help om jou unieke kreatiwiteit te herontdek. Skryf jou antwoorde neer op 'n vel papier, in jou dagboek of joernaal, of tik dit vir jouself in 'n e-pos of Word-dokument:

- 1** Wat het jy in die verlede graag gemaak – was dit beplan of het dit sommerkans toevallig gebeur?
- 2** Maak 'n lys van drie dinge wat jy graag sou wou maak. Dit hoef nie dinge te wees wat jy 'goed' of perfek kan maak nie – net dinge wat pret sal wees om self te skep.
- 3** Stel jou voor jy moet vir jouself 'n prettige afspraak reël: Waarheen sou jy gaan en wat sou jy doen?
- 4** Watter gebiede van kreatiwiteit interesseer jou? Dink 'n bietjie hoe jy meer tyd hieraan kan bestee en jouself kan toelaat om deur ander se kreatiwiteit geïnspireer te word. Alles tel: fliks, kunsgalerye, geboue en argitektuur, musiek, kosmaak en bak, restaurante, die natuur en staproetes, besigheid en strategieë, sport en stokperdjies.
- 5** As jy kon inskryf vir 'n klas waarin jy jou kreatiewe kant kan gebruik, wat sou dit wees?

Lees 'n paar keer deur jou antwoorde en haal dan jou dagboek of kalender uit. Watter kreatiewe afspraak kan jy vir jouself maak vir volgende week – en volgende maand?

Gebruik tydgleuwe en moenie net lysies maak nie. Dit kan oorweldigend voel om tyd te probeer vind vir iets wat 'luuks' klink, maar dink net hoeveel tyd ons almal mors deur heeltid op ons fone te rol. Net 15 minute minder per dag skep 90 minute per week waarin jy jou kreatiwiteit kan verken – en eindig met iets wat jy vir jou moeite kan wys.

Wanneer ons skep, moet ons onthou dat ons nie dinge maak wat deur ander beoordeel gaan word nie. Ons kan dinge maak vir die suiwer vreugde daarvan – en dié skeppings hoef nie gedeel te word vir goedkeuring nie. Elkeen van ons het kreatiwiteit in ons wat ons kan koester. Dalk is die punt juis die daad van maak eerder as die vertoon daarvan. Ons kan besluit om die proses te geniet, en die plesier en bevrediging waardeur wat saamkom met die geboorte van enigiets wat nie voorheen bestaan het nie.

Die tyd wat jy aan skep bestee, is nooit vermors nie – dit is 'n verkenning van jou moontlikhede en bekwaamhede én 'n merkwaardige vorm van selfwaardering. Om kreatief te wees gee jou die kans om verskeie opsies te ondersoek en die vreugde van groei te ervaar terwyl jy volkome in die oomblik verkeer. Jou kreatiewe proses en die resultate daarvan hoef net deur jou bevestig te word; jy moet net begin, dit geniet, eindig ... en hopelik weer begin. Maya Angelou het gesê: 'Jy kan nie kreatiwiteit opgebruik nie. Hoe meer jy gebruik, hoe meer het jy.'

Ruim tyd in jou weke – en in jou lewe – in om te skep. Dit is 'n uitlaatlêp en die fondament van bevrediging. Onthou, jy is uniek kreatief. In jou eie lewe is niemand in 'n beter posisie as jyself om jou uitdagings kreatief op te los en nuwe dinge te skep wat negatiewe neutraliseer nie.

Begin dus skep ... en geniet dit!

Lees meer by coachingforclarity.co.za.









NIEMAND KAN
'N VOL LEWE
OP 'N LEË MAAG
LEI NIE.

GOUD OP JOU BORD

Dit maak nie saak of jy pampoen bo
botterskorsie verkies en of jy dit graag
sout of soet voorsit nie – dié keur
van pampoenresepte sal aan enige
herfsspyskaart kleur verleen.

resepte en kosbereiding

LOUISA HOLST

stilerings HANNES KOEGELENBERG

foto's ED O'RILEY



SLAAI MET GEMMER-
GEGLASEERDE GEROOSTERDE
PAMPOEN
(resep op bladsy 95)



SLAAI MET GEMMER- GEGLASEERDE GEROOSTERDE PAMPOEN

Die roosterproses verbeter die geur en tekstuur van pampoen: Die gekaramelliseerde rande word heerlik soet en neuterig, terwyl die droë hitte help om die tekstuur ferm te hou – presies wat jy nodig het vir 'n kleurvolle slaai soos dié.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 30 minute

Garmaaktyd: 40 minute

Oondtemperatuur: 190 °C

- ♥ ½ middelslag-kroonpampoen (dié met grysbloou skil en dieporanje binnekant), in wiggies gesny
- ♥ 1 klein botterskorsie, middeldeer gesny
- ♥ 90 ml canola-olie
- ♥ 60 ml heuning
- ♥ 10 ml fyngerasperde vars gemmer
- ♥ 30 ml sojasous
- ♥ 1 knoffelhuisie, fyngedruk

SLAAIBESTANDELE

- ♥ 2 klein gestreepte rooi bete, geskil en in baie dun ringe gesny
- ♥ 1 rooi appel, klokhuis verwyder en in baie dun ringe gesny
- ♥ 100 g rankboontjies of groenboontjies, geblansjeer
- ♥ ½ klein rooiui, in dun ringe gesny
- ♥ 30 ml kapperbessies
- ♥ 50 ml geroosterde pampoensade
- ♥ 50 ml okkerneute, grofweg gekap
- ♥ vars basiliekruidblare, om voor te sit

1 Verwyder die pitte van die pampoen-wiggies en die botterskorsie. Drup 'n bietjie canola-olie oor die stukke om dit liggies te bedek. Pak dit in 'n oondroosterpan en rooster dit vir 20 minute in 'n verhitte oond.

2 Meng die orige olie, die heuning, gemmer, sojasous en knoffel. Haal die roosterpan uit die oond en verf die helfte van die heuningsous oor die geroosterde stukke en draai dit om. Sit die pan terug in die oond en laat dit vir nog 15-20 minute rooster of tot die groentestukke liggies geskroei en sag is.

3 Pak die pampoen en botterskorsie op 'n mooi opdienbord. Laat dit afkoel of sit dit warm voor. Voeg die slaaibestanddele by en drup die orige heuningsous bo-oor.

INDONESIESE PAMPOEN-EN- GARNAALKERRIE

Soet garnale en sagte stukke geroosterde pampoen vat hande in dié geurige Indonesies-geïnspireerde kerrie vir 'n baie spesiale feesmaal.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 45 minute

Garmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 190 °C

SPESERYSMEER

- ♥ 1 ui, grofweg gekap
- ♥ 3 knoffelhuisies, fyngedruk
- ♥ 20 ml fyngerasperde vars gemmer
- ♥ 2 stele sitroengras, gekap
- ♥ 1-2 rooi brandrissies, pitte verwyder en gekap
- ♥ 12 grondboontjies
- ♥ 5 ml fyn borrie
- ♥ 10 ml koljandersaad
- ♥ 30 ml klapper- of canola-olie

KERRIE

- ♥ 50 ml klapper- of canola-olie, plus 'n bietjie ekstra om oor te drup
- ♥ 500 g pampoen of groen Hubbard-pampoen, in blokkies gesny
- ♥ 1 blik (410 g) klapperroom
- ♥ 250 ml aangemaakte of tuisgekookte groente- of hoenderaftreksel
- ♥ gerasperde skil van 1 lemmetjie
- ♥ 'n hand vol droë Thaise lemmetjieblare (of gebruik ekstra lemmetjieskil)
- ♥ 500 g garnale, dermpies en dop verwyder
- ♥ vars koljanderblare en lemmetjies, om voor te sit

1 **SMEER** Plaas al die bestanddele in 'n voedselverwerker en pols dit saam om 'n gladde smear te vorm.

2 Drup 'n bietjie olie oor die stukke pampoen. Plaas dit in 'n oondroosterpan en rooster dit vir omtrent 30 minute in 'n verhitte oond of tot dit net sag is. (Jy kan dit ook vir omtrent 20 minute by 190 °C in 'n lugbraaier rooster.)

3 **KERRIE** Verhit die olie in 'n kastrol oor matige hitte. Voeg die speserysmear by en roerbraai dit vir 4 minute. Voeg 50 ml van die klapperroom by en laat dit vir nog 5 minute kook terwyl jy af en toe roer.

4 Voeg die aftreksel, orige klapperroom, die lemmetjieskil en Thaise lemmetjieblare by. Sit die deksel op en laat dit vir 10 minute liggies prut.

5 Voeg die garnale by en laat dit vir nog 5 minute prut tot die garnale net-net deurgaar is. Geur dit na smaak met sout en versgemaalde swartpeper.

6 Om voor te sit, verdeel die pampoenstukke tussen individuele opdienbakke, skep die kerrie oor die pampoen en garneer dit met vars koljanderblare en ekstra lemmetjiewiggies.

BOTTERSKORSIE- EN-BLOUKAAS- CONCHIGLIONI

In dié gevulde pastaskulpe vorm die diep aardse geur van geroosterde botterskorsie 'n wonderlike pasmaat vir bloukaas met 'n ligte byt. Dit is 'n heerlike opsie as jy onthaal, veral as jy vegetariese gaste genooi het.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 1 uur

Gaarmaaktyd: 1 uur

Oondtemperatuur: 190 °C

- ♥ 500 g botterskorsie, geskil, pitte verwyder en in blokkies gesny
- ♥ olyfolie, om oor te drup
- ♥ 1 ui, in ringe gesny
- ♥ 500 g conchiglioni (groot pastaskulpe)
- ♥ 100 g bloukaas (jy kan ook fetakaas gebruik)
- ♥ 100 g cheddarkaas, gerasper
- ♥ 50 ml varsgerasperde parmesaankaas
- ♥ vars basiliekruid of origanum, vir garnering

TAMATIESOUS

- ♥ 30 ml olyfolie
- ♥ 2 knoffelhuisies, geskil en in dun skyfies gesny
- ♥ 1 blik (410 g) Italiaanse pruimtamaties
- ♥ 5 ml droë origanum
- ♥ 3 ml droë basiliekruid
- ♥ 1 ml suiker

1 Drup olyfolie oor die botterskorsie en meng dit deur om die blokkies oraloor te bedek. Sprei die botterskorsie uit in 'n oondroosterpan en rooster dit vir omtrent 25 minute in die verhitte oond of tot dit amper sag is. Haal dit uit die oond, strooi die uie oor en meng dit deur. Sit die pan terug in die oond en laat dit vir nog 10 minute rooster tot alles sag is. (Jy kan die botterskorsie ook by 190 °C in 'n lugbraaier rooster – dit sal omtrent 25 minute neem om sag te word.)

2 **TAMATIESOUS** Verhit die olyfolie in 'n kastrol oor matige tot lae hitte. Voeg die knoffelskyfies by en braai dit vir omtrent 5 minute tot dit goudbruin is – roer dit af en toe. Skep die knoffelskyfies

uit en gooi dit weg. Voeg die tamatie, kruie en suiker by die olie. Verhit dit tot kookpunt, verlaag die hitte en laat dit vir 20 minute prut. Gebruik 'n staafmenger om die tamaties te verpulp. Geur dit na smaak met sout en varsgebraaide swartpeper en hou dit eenkant.

3 Verhit 'n groot kastrol met water tot kookpunt. Kook die pastaskulpe volgens die aanwysings op die verpakking tot dit net-net sag is. Dreineer die pasta en spoel dit af met koue water voor jy die skulpe uitpak op 'n bakplaat.

4 Plaas die geroosterde botterskorsiemengsel in 'n bak. Voeg die bloukaas en cheddar by en geur dit na smaak.

5 Smeer die tamatiesous onder in 'n oondvaste bak. Skep van die vulsel in elke pastaskulp en pak die skulpe bo-op die tamatiesous. Sprinkel die parmesaankaas oor en drup dan 'n klein bietjie ekstra olyfolie oor. Bedek die bak met foelie en bak dit vir 20 minute in die verhitte oond. Verwyder die foelie en bak dit vir nog 10 minute tot dit goudbruin is. Garneer die pastaskulpe met vars basiliekruid- of origanumblaartjies en sit dit voor.







EENSKOTTELBREDIE MET BOTTERSORSIE EN VARKWORSIES

Hierdie heilsame gereg wys hoe die veelsydige bottersorsie 'n eenvoudige bredie in 'n eenskottel-trooskostreffer kan verander.

Genoeg vir: 4-6

Bereidingstyd: 45 minute

Gaarmaaktyd: omtrent 1 uur

Oondtemperatuur: 180 °C

- ♥ 2 middelslag-bottersorsies (kies dié met 'n lang nek)
- ♥ 50 ml olyfolie
- ♥ 500 g varkworsies
- ♥ 4 preie, gesny
- ♥ 2 knoffelhuisies, fyngedruk
- ♥ 2 selderystele, gesny
- ♥ 'n hand vol vars tiemie of roosmaryn
- ♥ 40 ml meel
- ♥ 600 ml aangemaakte of tuisgekookte hoenderaftreksel
- ♥ 1 blik (410 g) wit boontjies, gedreineer en afgespoel

1 Skil die bottersorsies met 'n groenteskiller af. Gebruik 'n skerp mes of mandolien om die nekgedeelte van elkeen in dun skyfies te sny.

2 Verwyder die pitte en sny die res van die bottersorsie in blokkies.

3 Verhit die helfte van die olyfolie in 'n groot kastrol. Braai die worsies vir 'n paar minute tot dit mooi bruin is, skep dit uit en hou dit eenkant.

4 Gooi die res van die olyfolie in die kastrol. Voeg die prei by en roerbraai dit oor matige tot lae hitte tot dit begin sag word. Voeg die knoffel en seldery by en braai dit vir nog 5 minute.

5 Voeg die kruietakkies by die kastrol, gevolg deur die bottersorsieblokkies. Sit die deksel op en laat dit vir 10 minute kook tot die bottersorsie begin sag word. Roer die meel by en roerbraai dit vir 'n minuut voor jy die aftreksel en boontjies byvoeg.

6 Sny die worsies in skywe en voeg dit by die kastrol. Laat dit nog 'n paar minute prut tot die sous begin verdik. Geur dit na smaak met sout en vars gemaalde swartpeper.

7 Indien jou kastrol nie veilig is om in die oond te gebruik nie, moet jy die mengsel oorskep in 'n oondvaste bak. Gebruik die bottersorsieskyfies om die bokant toe te pak – begin by die buiterand van die bak en pak dit in 'n sirkelpatroon sodat die skyfies bottersorsie oorvleuel. Drup 'n bietjie ekstra olyfolie oor en bak dit vir 35-45 minute in die verhitte oond tot die bottersorsieskywe sag en goudbruin is. Sluit voor.



PAMPOEN- CRÈME BRÛLÉE

Jy moet eenvoudig dié luukse nagereg
met sy ongelooflik unieke geur probeer!

Genoeg vir: 6-8

Bereidingstyd: 30 minute

Baktyd: 30-35 minute

Oondtemperatuur: 160 °C

- ♥ 500 ml room
- ♥ 1 kaneelstokkie
- ♥ 5 ml heel naeltjies
- ♥ 5 ml vinkelsaad
- ♥ 5 ml kardemompeule, gekneus
- ♥ 250 g pampoenblokkies
- ♥ 5 groot eiergele
- ♥ 30 ml bruinsuiker
- ♥ 60 ml witsuiker
- ♥ 2 ml vanieljegeursel
- ♥ sowat 125 ml strooisuiker

1 Verhit die room en speserye saam in 'n kastrol oor matige hitte. Verwyder dit van die hitte wanneer dit begin prut. Roer 'n knypie sout by, sit die deksel op en laat dit eenkant staan sodat die speserye die room kan geur.

2 Maak die pampoen in die mikrogolf-oond gaar tot dit sag is. Plaas die pampoen in 'n sif om behoorlik te dreineer. Druk dit met die agterkant van 'n lepel om enige oortollige vloeistof uit te kry. Verpulp die pampoen in 'n voedselverwerker tot dit baie glad is.

3 Klits die eiergele, bruin- en witsuiker en die vanieljegeursel saam in 'n bak tot dit dik is. Roer die pampoenpuree by.

4 Gooi die room deur 'n sif en klits dan 125 ml van die room bietjies-bietjies by die eiermengsel. Klits die orige room stadig by. Gooi die mengsel weer deur 'n sif in 'n groot beker.

5 Verdeel die mengsel tussen individuele ramekins of oondvaste bakkies. Plaas die ramekins in 'n oondroosterpan. Giet genoeg kookwater in die pan sodat dit halfpad teen die ramekins opkom. Bak dit vir 30-35 minute (na gelang van die grootte van die bakkies) in die verhitte oond. Die vla in die middel van elke bakkie moet gestol wees. Haal die ramekins uit die oondroosterpan en sit dit eenkant om af te koel. Sit die bakkies vir 3 uur of oornag in die yskas.

6 Haal die bakkies uit die yskas net voor jy dit wil voorsit. Druk liggies met kombuispapier op die oppervlak van elkeen om enige vog te absorbeer – dit moet so droog as moontlik wees.

7 Sprinkel 'n dun laagie strooisuiker oor elkeen. Gebruik 'n kombuisblaasvlam om die suiker te karamelliseer – die suiker moet smelt en goudbruin en hard word. As jy nie 'n blaasvlam het nie, kan jy dit onder 'n vuurwarm roosterelement plaas. Sit dit binne 2 uur voor en moenie dit weer verkoel as die suiker eers gekaramelliseer is nie.







KARAMEL-EN- SPESERY-PAMPOEN- ROLLETJIES

Hierdie heerlik klewerige rolletjies is onweerstaanbaar – of jy dit nou as ontbyt, nagereg of teetydbederf geniet.

Maak: 12

Bereidingstyd: 30 minute, plus rystyd

Garmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 180 °C

- ♥ 500 g pampoenblokkies
- ♥ 90 ml melk, loutwarm gemaak
- ♥ 40 g (50 ml) suiker
- ♥ 8 ml kitsgis
- ♥ 1 groot eier
- ♥ 40 g (45 ml) botter, gesmelt
- ♥ 380 g (700 ml) witbroodmeel, plus ekstra vir uitrol

VULSEL

- ♥ 40 g (45 ml) sagte botter
- ♥ 5 ml fyn kaneel
- ♥ 5 ml fyn kardemom
- ♥ gerasperde skil van 1 lemoen
- ♥ 30 ml bruinsuiker
- ♥ 60 g (140 ml) gekapte pekanneute

GLASEERSEL

- ♥ 320 g (375 ml) suiker
- ♥ sap van 1 lemoen
- ♥ 30 ml botter
- ♥ 200 ml room, verhit tot warm

1 Kook die pampoenblokkies vir omtrent 10 minute in die mikrogolfoond of tot dit sag is. Laat dit in 'n sif dreineer en druk dit dan met die agterkant van 'n lepel om van enige oortollige vog ontslae te raak. Skep die pampoen in 'n voedselverwerker en verpulp dit tot dit heeltemal glad is.

2 Gooi die loutwarm melk in 'n groot bak en voeg die suiker en 100 ml van die pampoenpuree by. Meng dit goed deur voor jy die kitsgis byvoeg. Laat dit vir 5 minute staan. Klits die eier en gesmelte botter by met 'n vurk.

3 Voeg die meel en 'n knypie sout by. Roer dit deur om 'n sagte deeg te vorm. Knie dit vir 8-10 minute tot die deeg glad en elasties is.

4 Plaas die deeg in 'n bak wat liggies met olie gesmeer is en bedek dit met 'n klam teedoek. Laat dit vir sowat 2 uur op 'n warm plek rys tot dit in volume verdubbel het.

5 VULSEL Meng 125 ml van die orige pampoenpuree met die sagte botter, speserye, lemoenskil, bruinsuiker en driekwart van die neutte. (Gebruik enige puree wat oorbly vir iets anders.)

6 Knie die deeg af en rol dit in 'n reghoek uit op 'n oppervlak wat liggies met meel bestrooi is.

7 Smeer die pampoenvulsel eweredig oor die deeg, maar los 'n rand reg rondom oop.

8 Begin aan een van die lang kante en rol die deeg op in 'n wors. Sny dit in 12 ewe dik skywe. Pak die deegskywe in 'n gesmeerde muffinpan. Bedek dit weer met 'n klam teedoek en laat dit vir nog 45 minute staan tot dit goed gerys het.

9 GLASEERSEL Plaas die suiker en lemoensap in 'n kastrol en verhit dit oor lae tot matige hitte tot die suiker gesmelt het – kantel die kastrol af en toe. Moenie die mengsel roer as die suiker eers opgelos het nie. Laat dit kook tot die suiker 'n karamelkleur kry. Haal die kastrol van die plaat af en klits die botter en warm room by. Roer dit tot die glaseersel glad is.

10 Bak die rolletjies vir 20-30 minute in die verhitte oond tot dit goudbruin en deurgaar is. Haal dit uit die oond en skep die glaseersel bo-op terwyl dit nog vuurwarm is. Sprinkel die orige neutte oor. Laat dit heeltemal afkoel voor jy die rolletjies uit die muffinpan verwyder en voorsit. Die rolletjies smaak die beste op die dag wat dit gebak is.

Verras jou gaste met dié heerlike varsgebakte brood wat lyk of dit dalk uit jou groentetuin kom. Hierdie halfbruin-halfwit-brood is die perfekte bykos by enige gereg, of jy kan dit net so met botter of konfyt geniet.

PAMPOENSAADBROOD

Maak: 2 brode **Bereidingstyd:** sowat 1 uur (rystyd ingesluit) **Baktyd:** 25-30 minute **Oondtemperatuur:** 180 °C

♥ 275-340 g (2-2½ koppies) witbroodmeel ♥ 240 g (2 koppies) bruinbroodmeel ♥ 1 pakkie (10 g) kitsgis
♥ 60 ml witsuiker ♥ 7,5 ml sout ♥ 125 ml pampoensaad (of gebruik 'n saadmengsel) ♥ 500 ml volroommelk
♥ 30 ml olyfolie ♥ 1 eier geklits met 10 ml water ♥ 2 kaneelstokkies, vir versiering (opsioneel)

1 Kry al jou bestanddele reg. Verhit die melk in die mikrogolfoond tot dit loutwarm is – wees versigtig om dit te warm te maak, anders kan dit die gis doodmaak. Sny 8 stukke slagterskoord of komboustou van 25 cm elk en laat dit in 'n bietjie olyfolie week.
2 Hou 1½ koppies van die witbroodmeel eenkant en meng dan die res van die droë bestanddele saam in 'n groot mengbak of die bak van 'n staanmenger. Meng die olyfolie met die melk en voeg dit by die droë bestanddele. Gebruik jou vingers of die spaanklitser van jou menger om die bestanddele saam te meng.

3 Voeg 1 koppie van die witbroodmeel wat jy eenkant gehou het by en meng dit deur. Dit moet 'n effens klewerige deeg vorm wat wegtrek van die kante van die mengbak. Indien die deeg steeds te klewerig is, kan jy een lepel vol meel (van dié wat jy uitgehou het) op 'n slag bymeng totdat die deeg wegtrek van die kante en in 'n bol saamkom. Drup 'n bietjie olyfolie in die bak en vryf dit oraloor die bol deeg. Bedek die bak met kleefplastiek of 'n klam teedoek en laat dit vir omtrent 45 minute op 'n warm plek rys of tot dit in volume verdubbel het.



Keer die uitgerysde deeg uit op 'n oppervlak wat liggies met meel bestrooi is en sny dit in die helfte. Bring die hoeke van elke stuk deeg bymekaar en knyp dit vas. Draai dit om en vorm elkeen in 'n gladde, ronde bol.




Druk enige oortollige olie uit die tou en rangskik 4 stukke in 'n sterpatroon op 'n stuk bakpapier. Herhaal die proses met die oorblywende toutjies om ook vir die tweede brood so 'n sterpatroon op bakpapier te maak.



Plaas die deegbolle met die toegelappte kante na onder in die middel van die toutjies. Knoop die teenoorgestelde punte van die tou losweg oor die deeg vas en knip die oortollige stukke af. Bedek dit met kleefplastiek of 'n klam teedoek en laat dit vir 10 minute eenkant rys. Verf die brode met eierwas en sif 'n bietjie meel oor, indien verkies. Bak dit vir 25-30 minute in die verhitte oond tot gaar.

✿ Indien jy 'n sagte kors verkies, moet jy 'n bakkie vol kookwater onder in die oond sit wat stoom kan vorm terwyl die brode bak. Laat die gaar brode vir 'n paar minute afkoel voor jy die toutjies afsny en verwyder. Sit dit voor met 'n kaneelstokkie wat in die middel ingedruk is om die pampoenvoorkoms af te rond.



BROODWENNER

deur TANI KIRSTEN stilering HANNES KOEGELENBERG foto's ED O'RILEY





STORAGE LABEL

Contents: _____

Date _____



ONS PRAAT GRANAAT

Van die Ou Testament, die Koran en Tora tot die resepteboeke van die wêreld se voorste sjefs besing die wonders van die granaat. Ilse Zietsman vertel meer oor dié sappige robynvrug.

stilering HANNES KOEGELENBERG foto's ED O'RILEY

Of jy nou in die Karoo of Kraaifontein grootgeword het, êrens is daar 'n granaatboom in jou komvandaan. Ek wed jou. Dikskilgranate wat jy met jou nael oopbreek en die pitjies met jou tande uitbyt, versigtig dat die robynrooi sap nie op jou skooluniform spat nie. Gegaps uit iemand se tuin waar die swaar takke oor die heining hang of waar jy die vrugte deur die lendelam draad kan bykom.

Tóé het ons ma's nie in die kombuis daarmee geëksperimenteer nie, dalk die vlesige pitte in 'n slaai gestrooi of 'n heel hoender met granaatmelasse ingevryf nie. Granate was die stiefkind van die vrugteboord. Destyds sou niemand kon droom dat granaatrobyne 'n glas vonkelwyn verhef tot hemelse nektar nie.

Bygesê, die destydse granate het sulke grinterige pitjies gehad; dit was lánk voor die sappige granaatjuweeltjies wat deesdae te kry is.

GEE DAAR 'N GRANAAT AAN

Volgens oorlewering het Eva vir Adam met 'n appel verlei, en mislei. Só is ons mos in die Sondagskool en Kinderkrans geleer. Heelparty Bybelkundiges glo egter dat die verbode vrug eerder 'n granaat as 'n appel was.

In die Ou Testament word telkens na granate verwys. Soos in Eksodus 28, waar die Here vir Moses opdrag gee om 'n priestersmantel te laat weef: 'Rondom die some moet jy granaatjies van blou, pers en bloedrooi wolstof maak met goue klokkies tussenin, afwisselend 'n goue klokkie en 'n granaatjie rondom die hele soom van die mantel.'

In die Koran word granate drie keer vermeld as verteenwoordigend van die goeie dinge wat deur God geskep is, hetsy aardse vrugte of dié van die paradys.

In die Joodse tradisie is die granaat 'n simbool van geregtigheid, kennis en wysheid. Die pitte van die vrug simboliseer die 613 mitzvot (gebooie) van die Tora.



Op Rosj Hasjana (die Joodse Nuwejaar) word appels gedoop in heuning sowel as granate as deel van die feesmaal voorgesit. Die granaatpitte word soms met roos- of lemoenbloeiwater besprinkel en geniet met die hoop op voorspoed en goedheid so oorvloedig soos die pitte van die granaat.

Dan is daar ook die Hebreeuse 'granaat-gebed' wat lui: *Sheyirbu zechuyoteinu kerimon*; dit beteken 'mag ons deugde vermeerder soos die pitte van 'n granaat'.

ODE AAN 'N VRUG VAN DIE GODE

Etlike Afrikaanse skrywers, digters en skilders is al deur granate geïnspireer. Soos die Overbergse skrywer Audrey Blignault (1916-2008).

In haar essay 'Die rooi granaat' in haar bundel met dieselfde titel skryf sy hoe 'n skoolmaat, Pietie, vir haar 'n granaat gee. Albei is in standerd sewe, toe Pietie 'al lankal nie meer met ons [die meisies] speel nie'.

In die oomblikke voordat die granaat oorhandig word, begin die jong Audrey heeltemal anders na Pietie kyk. Sy kom agter 'hy ruik ook nie meer soos altyd nie', hy ruik eintlik nou 'heeltemal lekker, half soos Pa as hy ons soggens soen'.

Hulle stap skool toe, vir die eerste keer saam. Sáám onder 'n sambreel terwyl die reëndruppels liggies val.

By die skool aangekom, trek hulle hul reënjasse uit.

'Wag, wag 'n bietjie,' sê Pietie.

'Voordat Pietie weer sy boeke optel, haal hy uit sy baadjiesak, 'n granaat. "Ek het gedink," sê hy, "as ek jou vandag sien, wil ek vir jou die granaat gee."' "

Dit is 'n rooi ryp granaat, so blink gevryf dat die rooi soos 'n spieëltjie die helflig van die reëndag weerkaats.

'Dis die eerste rype wat daar vanjaar in ons heining was,' sê Pietie.

Audrey beskryf dan hoe sy vol verwondering na die granaat kyk wat Pietie in sy hand vashou. Nog warm van Pietie se sak.

'Dis rooi. Dis blink. Dis vol ryp pitte. Dis myne, myne. Die eerste granaat wat iemand my gee.

'Pietie het dit vir my laat ryp word. Pietie het dit vir my blink gemaak. Pietie het dit aan my gegee.'

Sy sê dankie. En dan, 'oor die granaat kyk ons mekaar woordeloos, begrypend aan'.

Die magiese krag van 'n granaat. En van grootword. Bowenal, die nostalgie.

In *Verskombuis: 'n Kookboek met gedigte* deur George Weideman (1947-2008) word granate weliswaar nie saam met ander kossoorte op Diek Grobler se prettige voorblad uitgebeeld nie, maar agterop staan daar: 'Die verse handel oor heerlike bestanddele soos granate ...', eerste gelys, gevolg deur 'eivrug, sampioene, dadels en turksvye'.

In die gedig 'Liefdesvrug' skryf hy:

Wat kan ek gee as jy verjaar?

Nie juwele nie: forelpeer

se glans is om jou hals;

nie 'n sjaal van sy of organza nie:

jou skouers is meelsag soos appels;

g'n tiara met diamante nie: jou hare

is braambessieswart.

Wat kan ek gee as jy verjaar?

Ek gee vir jou 'n ryp granaat –

soos geskilder deur Cézanne:

sagte geel en rooi, herfsbruin –

al die tinte van 'n vol seisoen,

simbool van geduld en inborse

en liefde menigvuldig; Dionusos

se druppels bloed gestol in die dor Karoo:


Vir jou gee ek 'n ryp granaat!

George volg dié liefdesode op met 'n resep vir 'n 'Verfrissende granaatdrankie'.

'Hiervoor het jy 'n hele mandjie vol ryp granate en baie geduld nodig; om die pitte – wat soos klein juweeltjies lyk – te verwyder, is liefdeswerk.' Ook harde werk en 'Wat jy oorhou is min, maar kosbaar.'

'Dis rooi. Dis blink.
Dis vol ryp pitte.
Dis mýne, mýne.
Die eerste granaat wat
iemand my gee.'

– Audrey Blignault in 'Die rooi granaat'



In sy gedig 'Granate en kwepers: 'n stillewe' sleur hy lesers mee met 'Ek hou van hul integriteit, hoe hulle nie hul robynrooi rykdom kwistig wys nie – behalwe wanneer hulle diep verwond is' en die stillewe wat hy skep deur 'woestynvrugte sit te maak'.

Ek het al gekyk en gekyk, maar ek bespeur nie 'n granaat in Penny Siopis se ikoniese skildery *Still life with watermelon and other things* (1985) nie; ag, ek wil dit so graag daar raaksien!

GRYP 'N GRANAAT

Deesdae het elke sjef of huiskok wie se waarde ver bo korale geskat word, resepte waarin granate een van die bestanddele uitmaak in hul arsenaal, of dit nou met Yotam Ottolenghi, Tessa Kiros of Jamie Oliver se inspirasie is.

In ons eie Tpsi Venter (1930-2016) se *Fooding about with Tpsi*, geïllustreer deur 26 gerekende Kaapse kunstenaars en waarvan net 3 000 eksemplare gedruk is, is die allereerste resep 'n groentamatesop met vars koljander, granaatpitte en waatlemoen. Sy skryf daarby: 'Koue sop word gewoonlik nie deur die manne geag nie, maar op 'n warm middag oor middagete sal hulle jou dalk verbaas, want glo my, dit is anders en heerlik!' Verkieslik saam met chardonnay, beveel sy aan.

Ook 'n roket-en-artisjokkert met granaatslaaisous vir almal wat 'gek is oor opwindende kombinasies van teksture, smake, vorms en kleure'. Geniet saam met chenin blanc.

Tpsi se granaatslaaisous

- ♥ 1 heel granaat met pitte en sap
- ♥ 15 ml grenadiestroop
- ♥ 15 ml suurlemoensap
- ♥ 65 ml ligte olyfolie

Meng al die vloeistowwe, geur na smaak en klits deeglik. Voeg die granaatpitte daarna by.

OORVLOED EN VOORSPOED

In die Griekse mitologie was Persefone die beeldskone dogter van Demeter, die godin van landbou, en Zeus, die hoofgod. Toe Hades, die god van die onderwêreld, vir Persefone sien, het hy terstond op haar verlief geraak en haar ontvoer. Demeter het onverpoosd maar tevergeefs na haar dogter gesoek. Oplaas het die son, wat alles sien gebeur het, vir haar vertel waar Persefone is.

Demeter en Zeus het geëis dat Hades hul dogter vrylaat, wat hy toe gedoen het, maar eers nadat hy Persefone gedwing het om ses granaatpitte te eet. Hy het geweet as iemand in die onderwêreld kos eet, sou hulle altyd weer terugkeer. Toe die ouerpaar besef hulle is uitoorlê, het Zeus voorgestel dat Persefone vir elke pitjie wat sy geëet het, 'n maand saam met Hades kon deurbring. Só het dit gebeur dat Persefone ses maande van elke jaar in die onderwêreld vertoef het. Met haar terugkeer van die onderwêreld af het die aarde geblom; só het die Grieke die ontstaan van die seisoene verklaar.

In antieke Griekeland en Rome het die granaat nie net die dood nie, maar ook vrugbaarheid gesimboliseer. Gee jy vir iemand 'n granaat, wens jy hulle oorvloed in alle aspekte van hul lewe toe. Dis dus g'n wonder dat die granaat as die vrug van die hemel beskou word nie.

✿ Kyk hoe om 'n granaat maklik en vinnig oop te sny by 'How to effectively slice a pomegranate' op imgur.com.

Bykomende bronne

'Griekse mitologie' op weet.co.za

'Pomegranate, miracle fruit' op alimentarium.org

'Gee jy vir iemand 'n granaat, wens jy
hulle oorvloed in alle aspekte van hul lewe
toe. Dis dus g'n wonder dat die granaat as
die vrug van die hemel beskou word nie.'



SIT DIE KUNS IN KUNSMATIG

Moenie bang wees om met kunsmatige intelligensie 'n paar magiese algoritmes in jou skeppende heiligdom binne te nooi nie.

deur ELSA KRÜGER **stiler**ing HANNES KOEGELBERG **foto's** ED O'RILEY

Kunsmatige intelligensie (KI) raak vinnig 'n onmisbare hulpmiddel vir handwerkers en *DIY*-makers – of jy nou lief is vir brei, hekel, borduur, mosaïekwerk of huis mooimaak.

KI werk soos 'n blitsvinnige, nuuskierige ateljee-assistent: Dit help jou idees uitdink, vae konsepte in visuele riglyne omskep en speel alte lekker saam om kleure te kies en uitlegte te verbeter. Boonop hanteer dit lag-lag vervelige admin soos winkelbeskrywings, sosialemedia-bemarking en stap-vir-stap-lyste.

HANDGEMAAK IS GESOG – LAAT KI JOU HELP

Moderne verbruikers, sat vir die eentonige eendersheid van massaprodukte, soek iets unieks, outentiek, volhoubaar en, bowenal, 'n storie. Hulle wil weet wie die persoon

is wat hul mat geweef het, hul kussingsloop geborduur het of in watter dorpie hul lekkerruikseep gemaak is.

Wat eens dalk net 'n tydverdrijf of stokperdjie was, is nou 'n weelde-artikel. Handwerkmarkte soos Kamers/Makers is soos kunsgalerye en trek uitsoekerige kopers soos magnete. In tydskrifte soos ons eie pryk die mooiste dekor naas lieflike hekelpatrone en borduurwerk. Luukse artisan-skeppings is nie bloot 'n nismark nie – dit is iets begeerliks om te besit en word familie-erfgoed.

Die woord 'kunsmatig' klink nie juis soos iets wat saam met 'kreatiwiteit' hoort nie. Jy dink waarskynlik aan pottebakkerswiele, kunstenaarsesels, weeframe ... nie aan algoritmes en data nie.

Maar hier is die punt: KI is 'n nuwe hulpmiddel in jou kreatiewe gereedskapskis – soos wat die naaimasjien was vir kleremakers, of Photoshop vir grafiese ontwerpers. Dis nie hier om oor te neem nie, maar om mee saam te werk.



'Kl kan patrone en tendense raaksien wat ons dalk miskyk en binne sekondes duisende idees deurtrap,' sê Jacobi de Villiers, Kaapse operasangeres en skepper van die klerereeks Jakop (@jakop_handgemaak op Instagram). 'Dit maak nie kuns kouer of onpersoonlik nie; dit gee jou eerder meer ruimte om met flair en insig te skep.' Sy ontwerp en maak klere wat haar onmiskenbare stempel dra van vreugde en 'n liefde vir kleur. 'Niks bruin of beige nie,' sê sy ferm. 'As tekstielkunstenaar kry ek my inspirasie by die Kaapse blommemark, die see en die natuur.'

Haar skeppings word verkoop in winkels op Stellenbosch, in Kalkbaai en Durbanville. 'Ek is bly ek leef in die tyd van Kl. Dit maak dit net soveel makliker om my besigheid te bedryf. Ek voel ek het nou 'n wenresep en kan die golf ry. Dit het alles begin toe ek gedurende Covid met tekstiel en ontwerp begin speel het. Ek was swanger en het by die huis gesit net soos die res van die wêreld.'



'KI is 'n nuwe hulpmiddel in jou kreatiewe gereedskapskis – soos wat die naaimasjien was vir kleremakers.'

Sy het saam met haar vriendin Bettie Louw begin baadjies maak en die bal was aan die rol.

Noudat sy in KI 'n medewerker of handlanger het, kan haar besigheid net groei. 'Ek toets 'n patroon met KI, ek skiet foto's vir sosiale media en rond dit dan af en beskryf dit met KI. Ek raadpleeg KI vir die bemarking by my stal-tjies op markte, ek laat tekstiele druk met ontwerpe waarvoor ek KI inspan.

'Vir my is die opdrag wat jy vir KI gee, die individu se inset, die idee kom uit my kop. KI is soos om jou idees te toets teenoor iemand in die regte lewe, met onmiddellike terugvoer. Maar alles begin by wat in my kop aangaan – KI kan nie tik nie!'

Jacobi gebruik verskillende KI-platforms. Vir trends en idees gebruik sy ChatGPT. So ook vir slim bemarkingsteks op sosiale media. Vir kreatiewe inspirasieborde (*mood boards*) gebruik sy DeepSeek.

KI kan nie klei knie of verflae aanwend nie, maar dit kan beslis help om idees vonk te gee.

Idees se weergalose Hannes Koegelenberg sê: 'Ek bly nuuskierig oor nuwe sagteware en apps en dink ons moet KI omhels eerder as om bang te wees daarvoor. Ek het die afgelope twee jaar Midjourney en OpenArt AI ontdek en myself bietjie touwys gemaak. Photoshop, waarop ek al jare lank werk, word ook heeltyd opgedateer met nuwe KI. 'n Mens speel maar rond en ontdek nuwe goed en metodes om die kreatiewe proses makliker te maak. Ek sal byvoorbeeld steeds my collage-illustrasies met papier maak en met die hand uitsny, maar dan sal ek dit na Photoshop vat en KI gebruik om dit digitaal af te rond.'

KI maak dinge net vinniger en makliker, sê hy. 'Ek leer nog, maar die resultate en moontlikhede is eindeloos! Ek glo ons moet dit gebruik om ons kreatiwiteit te verhoog, maar 'n mens moet versigtig wees dat jou kreatiewe stempel en unieke stem nie verlore gaan nie.'

IS DIT NOG JOÛ WERK?

'n Mens vra jouself natuurlik af: 'As KI my help, is my werk nog myne?' 'Is ek besig om te kroek of kortpaaie te neem?'

'n Geldige vraag. Maar dink terug aan toe die eerste naaimasjiene uitgekome het – mense was bang dit gaan hul ambag doodmaak. Uiteindelik het dit net nuwe moontlikhede oopgemaak. KI is net nog 'n hulpmiddel (wel 'n baie slim een), maar dis steeds jý wat die kuns skep. Jou hande, jou hart, jou storie.

Die geheim is balans. KI kan idees voorstel, maar net jý kan lewe in iets inasem. 'n Masjien kan nie die warmte, perfekte imperfeksie en menslikheid oordra wat ware handwerk so spesiaal maak nie.

Vir Anelle Britz, maker, fotograaf en retoesjeerder van Gauteng, is KI 'n onmisbare hulpmiddel. 'Ek weet nie wat ek voor KI gedoen het nie! Ek het tydens die retoesjeer-proses altyd per hand kreukels uit klere gehaal, tande witter gemaak, agtergronde skoongemaak. Dit het my veertig minute of langer geneem. Nou doen ek dit binne minute. KI help my om meer produktief te wees en gee my meer tyd om 'n ma vir my dogtertjie te wees. Dit spaar my tyd en geld.

'KI maak nie my werk generies nie – dit is steeds my eie foto's, dit is ek wat die kamera se knoppie druk, die foto opstel, dit is my kritiese oog wat bepaal of KI my opdrag reg interpreteer.'

Anelle gebruik Adobe Firefly en Retouch4me vir haar fotografeie afrondingswerk, en gratis ChatGPT vir e-posse en formele briewe. Dit help haar ook om Instagram- en bemarkingsteks te skryf. 'Engels is my tweede taal. KI help my om die regte frases te gebruik.'

Sy vertel danksy ChatGPT hoef sy nie meer ure op Pinterest te sit as sy 'n idee vir byvoorbeeld 'n geborduurde kalender of kruissteekkussing soek vir 'n *Idees*-artikel nie. 'ChatGPT Pro gee my opsies. Dan kan ek my persoonlike stempel daarop sit, my idee van hoe dit moet lyk en voel. Wanneer ek vir die tydskrif idees moet voorstel, het ek eers 'n konsep uitgedink, dan moes ek vir ewig soek vir 'n gepaste verwysingsprent om vir die redakteur te wys. Nou kan ek presies vir KI verduidelik wat ek in gedagte het, en dit skep vir my 'n unieke, nie-gekopieerde prent wat ek boonop kan gebruik vir die uiteindelijke patroonontwerp.

'Selfs al gebruik ek KI, maak ek seker dat die resultaat steeds "ek" is. Ek laai gewoonlik verwysingsprente op van my styl of die *look and feel* wat ek soek, sodat KI kan sien waarvan ek hou. Ek bou dit dan in met die inspirasieborde wat *Idees* se redakteur vir ons stuur, sodat die ontwerp kan aansluit by die tema van die uitgawe. Dit help ook baie as 'n mens 'n kreatiewe blok het – dan gee KI my net daardie hupstoot om weer aan die gang te kom.'

KI kan nie die fisieke handwerk vervang wat vir die tydskrif gedoen word nie, maar dit help wel om idees vinniger uit jou kop op papier te kry, sê sy. 'Dit help om oplossings te vind, inspirasie te kry en meer opsies te hê sonder ure se Google-soekery.'

'N KORTKURSUS IN KI EN KREATIWITEIT

Hier is wenke oor wat kunsmatige intelligensie vir jou kreatiewe stokperdjie of onderneming kan doen, hoe om dit prakties te gebruik, watter opdragte (*prompts* in KI-taal) om te probeer, watter hulpmiddels die moeite werd is – en hoe om jou eie hand en styl altyd voorop te hou.

VINNIGE IDEEVORMING

Een van KI se sterkste punte is om binne minute hope ontwerpidees te genereer. Soek jy nuwe teksture, motiewe of herhalende patrone? KI kan sommer dosyne riglyne voorstel. Dis ideaal om 'n kreatiewe blok te breek en 'n vars invalshoek te ontdek.

VISUELE PROEFMODELLE (*MOCK-UPS*)

KI kan 'n tema of rowwe skets omskep in 'n netjiese visuele beeld waarna jy kan terugverwys (*reference image*). Dit is goud werd wanneer jy wil sien hoe iets moontlik in steke, teël- of houtwerk gaan lyk. Dit oorbrug die gaping tussen idee, visualisering en uitvoering.

PATROONONTWERP EN -REDIGERING

Om basiese patrone op te stel is nog 'n gebied waarin KI uitblink. Dit kan 'n eerste weergawe van aanwysings skryf wat jy dan kan aanpas – deur byvoorbeeld die groottes te verander, afkortings reg te maak of materiaalyste saam te stel. Dit spaar jou tyd en moeite.

KLEUR- EN PALETTOETSE

Kleurkeuses is sentraal tot enige handwerkprojek. KI kan harmonieuse palette voorstel en digitale monsters gee sodat jy kan toets vóór jy gare, verf of materiaal gaan koop. Minder risiko, meer skeppende speelruimte!

WINKEL- EN BEMARKINGSHULP

Buiten die kreatiewe proses kan KI jou met die besigheidskant help: soos produkbeskrywings, soekenjinoptimalisering (SEO) en sosiale media-hutsmerke en -teks. Deur hierdie herhalende take te outomatiseer kry jy meer tyd om te skep.

TEGNIËSE ONDERSTEUNING

Dinge soos omskakelings van mates, patrone op skaal uitwerk vir verskillende groottes of die opstel van 'n volledige materiaalcontrolelys is ideaal vir KI. Dit help foute uitkakel en hou jou vingers op die pols van jou voorraad.

BEHOU JOU PERSOONLIKE STEMPEL

- ❁ **Begin by jouself:** Voer jou eie visuele, kleur- en stylbeskrywings (byvoorbeeld rafelrande, gedempte bloue, sigbare nate) in.
- ❁ **Werk met die hand:** Laat KI ses idees gee, kies een of twee en improviseer. Jou oneweredige stekes en kleurkeuses is jou handtekening.
- ❁ **Herskep doelewus:** Gebruik KI se uitsette as basis, maar voeg jou eie 'imperfeksies' by.
- ❁ **Dokumente die proses:** Deel stories van jou 'KI-proefmodel tot handgemaakte stuk'. Dit voeg waarde by.
- ❁ **Etië:** Moenie KI-gegenereerde kuns as jou eie verkoop sonder erkenning nie. Wees versigtig om eietydse kunstenaars se style na te boots.
- ❁ **Toets alles self:** KI verstaan nie altyd tekstielstof se gedrag of breidraadspanning nie.
- ❁ **Beskerm jou stem:** Gebruik KI om die kry van idees en admin te versnel – nie om jou vakmanskap uit te wis nie.
- ❁ **Leer die kuns van opdraggewing:** Die kleinste verandering aan jou woordkeuse kan 'n groot verskil maak.
- ❁ **Forums en blogs** deel gereeld nuttige KI-eksperimente en -waarskuwings. Daar is 'n opbloei van aanlyn groepe en gemeenskappe van makers wat hul ervarings met KI deel en wenke gee aan nuwelinge. Makersgildes bied ook KI-klasse aan.
- ❁ Daar is **YouTube-lesse en -werksessies** om jou te ondersteun en lei terwyl jy vertrouwd raak met hierdie handige nuweling in jou skeppingsproses. Op sosiale media soos Instagram en Facebook is daar groepe wat fokus op KI-gedrewe entrepreneurskap in ontwerp en handwerk.

HULPMIDDELS EN PLATFORMS OM TE VERKEN

- ❁ Generators van visuele beelde (vir inspirasie en proefmodelle): Midjourney, DALL-E (OpenAI), Stable Diffusion, Ideogram, Recraft, OpenArt en Adobe Firefly. Elke een het sy eie styl, koste en reëls – toets 'n paar en kyk watter een met jou 'praat'.
- ❁ Teks- en patroonopstelhelpers: ChatGPT (vir skryf, herskryf, idees en aanwysings).
- ❁ Spesialis-tekstiel- en -navorsingshulpmiddels: KnitScript en akademiese projekte wat met KI-gebreide tekstiele werk – meer tegnies, maar baie interessant.
- ❁ Leer- en projekriglyne: Skillshare en handwerkblogs wys beginnersprojekte en werkvloekaarte met KI.
- ❁ ChatGPT: Vir idees, navorsing, skryf van e-posse, kreatiewe rigting en visuele voorstellings; om probleme met tegnieke vinnig op te klaar as jy vasbrand.



VINNIGE WEGSPRING-OPDRAGTE

Oftewel, jou 'prompt cheat sheet' ...

1. BREI-ONTWERPINSPIRASIE

Opdrag: 'Genereer vyf konsepeides vir 'n gebreide serp-versameling geïnspireer deur kusteksture soos sandduine, seeskuim, dryfhout en skeepstou. Sluit voorstelle vir steekpatrone, breidraaddiktes en kleurpalette in.'

WENK: Voeg jou voorkeur-breidraadhandelsmerk of -tekstuur (sybokhaar, tweed, bamboes) by om resultate te kry wat by jou kenmerkende styl pas.

2. OPSTEL VAN BREIPATRONE

Opdrag: 'Skryf 'n eenvoudige breipatroon vir 'n getekstureerde mus, volwasse grootte, met die gebruik van kamgare en sirkelnaalde. Sluit die spanning, steekafkortings en stappe vir die afwerking in.'

WENK: Gebruik die gegenereerde patroon slegs as 'n konsepsweergawe – toets, verfyn en herskryf dit in jou eie woorde sodat dit jou eie stem weergee.

3. GENERASIE VAN HEKELMOTIEWE

Opdrag: 'Skep agt oorspronklike hekelmotiewe geïnspireer deur geometriese patrone in Afrika-kuns, geskik vir komberse of muurbehangsels. Beskryf die vorm, kleure en steekkombinasies.'

WENK: Vra vir 'diagramme in teksvorm' as jy 'n skematiese voorstelling wil hê om die motiewe te visualiseer.

4. VARIASIES OP HEKELPATRONE

Opdrag: 'Verander hierdie *granny square*-patroon (plak joune hier in) in 'n reghoek vir 'n tafelloper. Behou soortgelyke steekteksture, maar pas die vorming aan.'

WENK: Kl is uitstekend met aanpassings van herhalende groottes, maar toets die spanning en blokresultate altyd met die hand.

5. IDEES VIR KRUISSTEEKPATRONE

Opdrag: 'Ontwerp 'n 40 x 40-kruissteekpatroon van proteablomme in gedempte koraalrooi en olyfgroen skakerings. Sluit DMC-garevoorstelle en 'n titel vir die stuk in.'

WENK: Trek die gegenereerde patroon oor met 'n steek-sagtewareprogram (soos Stitch Fiddle) sodat die rooster by jou voorkeur-telling pas.

6. TEËLUITLEGTE VIR MOSAÏEKWERK

Opdrag: 'Genereer tien mosaïekuitleg-idees vir 'n ronde tafelblad, geïnspireer deur Mediterreense tuine. Sluit voorstelle vir materiale (glas, keramiek, marmer), kleurtemas en sentrale motiefkonsepte in.'

WENK: Voer jou eie kleurpalet vir die materiale of 'n foto van bestaande teëls in – Kl kan ontwerpe aanpas by daardie kleure.

7. KONSEPTE VIR HANDGEMAAKTE DEKOR

Opdrag: 'Skep 'n inspirasiebord vir 'n handgemaakte dekorlyn vir 'n sitkamer. Sluit drie boho-styl, kusgeïnspireerde produkidees in met die gebruik van natuurlike stowwe, macraméwerk en aksente van dryfhout en herwonne glas.'

WENK: Gebruik die inspirasiebord om samehangende versamelings te beplan; vra opvolgend: 'Genereer 'n naam en kort winkelbeskrywing vir die produk.'

8. VOORSTELLE VIR KLEURPALETTE EN MATERIALE

Opdrag: 'Stel vyf kleurpalette voor vir 'n handwerkmark-versameling met bloospink, mosgroen en roesrooi as ankerkleure. Lys aanvullende neutrale kleure en keuses van borduurgare of breidraad en materiale met tekstuur.'

WENK: Vergelyk digitale palette altyd met kleurmonsters – Kl-kleure op skerm kan verskil van die ware jakob.

9. HANDELSMERK- EN PRODUKSTORIES

Opdrag: 'Skryf 'n kort handelsmerkstorie vir 'n besigheid genaamd Fynbos Threads wat handgemaakte dekoritems verkoop – fokus op natuurgeïnspireerde ontwerpe, herwonne materiale en kuslewe. Sluit 'n slagspreuk in.'

WENK: Vra Kl om jou 'stem' na te boots ('sag', 'gesellig', 'poëties') sodat dit by jou bestaande trant pas.

10. FOTOSTILERING

Opdrag: 'Stel tien idees vir fotostilering voor om handgemaakte hekelkomberse aanlyn te vertoon – beklemtoon natuurlike beligting en rekwisiet- en tekstuurdetails.'

WENK: Gebruik die idees as riglyne vir jou stilering om jou Etsy- of Instagram-blaai meer samehangend te laat lyk.

11. VOLHOUBARE PROJEKTE

Opdrag: 'Lys tien kreatiewe maniere om oorskietdraad, -materiaal en gebreekte teëls te hergebruik om klein geskenke of ornamente te maak. Sluit eenvoudige stap-vir-stap-aanwysings in.'

WENK: Vra vir projekte wat materiale gebruik wat jy reeds het en spesifiseer groottes en hoeveelhede om vermorsing te vermy.

12. ONTWIKKEL JOU PERSOONLIKE STEMPEL

Opdrag: 'Beskryf hoe ek my persoonlike stylkeuses – rustieke teksture, gedempte neutrale kleure, kustemas en sigbare handsteke – kan verfyn tot 'n herkenbare handwerkidentiteit vir al my produkte.'

WENK: So 'n opdrag help jou om die essensie jou eie handelsmerk duideliker raak te sien en lei Kl om uitsette te lewer wat werklik soos jý lyk.





OP JOU LEESLYS

saamgestel deur TRACY GREENWOOD (tracygreenwoodza@outlook.com)

KOS



QUICK WINS: HEALTHY COOKING FOR BUSY LIVES

ELLA MILLS (HODDER & STOUGHTON, R695)

Aanhangers van Ella Mills sal bly wees om te hoor dat haar nuwe kookboek weer gepak is met heerlike plantgebaseerde maaltye. Met meer as 75 min-moeite-resepte kan dit selfs die grootste vleiseter op die

pad na gesonder eet lei. Al die bestanddele is maklik verkrygbaar en elke resep dui aan hoeveel die porsies tot jou daaglikse aanbevole inname van groente bydra. Die boek sluit agt weeklikse maaltydplanne met volledige bestanddelelyste in, met van 'n sampioen-orzo-risotto en romerige klapperlensies tot sataistyl eiervrugbredie om na uit te sien.



PROVECHO

DANIELLA GUEVARA MUÑOZ (MURDOCK BOOKS, R590)

'n Kleurvolle versameling resepte om égte Mexikaanse geure tuis te geniet. Daniella het in Mexikostad grootgeword, maar woon deesdae in Australië waar sy 'n klein eetplek het. Dit

was haar gesukkel om Mexikaanse kos te vind wat die mariene bioloog geïnspireer het om van loopbaan te verander en die vreugde van haar kinderjarekos met haar nuwe landsburgers te deel. Dink soppe, taco's en tostadas wat uit hul nate bars, en als wat jy by taquerías en koswaentjies sal vind – geen Tex-Mex hiér nie!



DRESSED AND SEASONED

COLETTE MACLENNAN (QUIVERTREE, R650)

In hierdie kookboek met sy mooi pastelkleure bottel sjef Colette MacLennan die *magic* van Kaapstad se geliefde Bree Street General Store, en eerlikwaar, dit is presies waarvoor ons gewone tuiskokke nog altyd gevra het. Hoewel die fokus op groente is, is ons mal oor die feit dat niks prekerig voel nie, en selfs geharde vleiseters sal dit moeilik vind om die meer as net gewone slaai op die blaai te weerstaan. As jy saai weeksaandetes wil omtower of moeë familieresepte (hallo, tuisgemaakte dukkha!) soos 'n grootmens-kok wil laat herleef, is hierdie net die boek vir jou. Of jy net vir jou gesin kook of gaste onthaal, elke resep in die boek voel doenbaar – maar op restaurantstandaard! Vir iedereen wat kafeestyl kos geniet.

FIKSIE



DIE VRYWILLIGERS

MALENE BREITENBACH (LAPA, R300)

Met die aanvang van die Anglo-Boereoorlog besluit Robert Campbell, 'n dokter in Pretoria, om 'n ambulans na die gevegsfront te stuur. Campbell se dogter, Eleanor, meld aan as verpleegster en sy seun, Rory, onderbreek sy mediese studies in Skotland om by die ambulanspoging aan te sluit. Op pad na Pretoria ontmoet hy drie Russe wat aan die Boerekant gaan veg, onder wie Ivan van Sint Petersburg. Wanneer Ivan gewond word, versorg Eleanor hom. Hulle raak verlief, maar besef daar staan te veel struikelblokke tussen hul liefde. Tydens die ontsetting van die oorlog word Eleanor mislei dat Ivan gesterf het. Ná die oorlog bly sy ongetroud en help haar ma as vroedvrou in haar praktyk. Dan verskyn Ivan weer ...



WAAR DIE LAMMERS NIE SUIP NIE

DANIËL LÖTTER (PROTEA, R320)

Die verhaal wat afspeel op 'n afgeleë Karoodorp draai om die tragiese gebeure van die Kersnaweek in 1977 wat die gemeenskap geskud het. Mietjie Ramshoring dra al dekades lank die pyn en geheime van haar familie en die dorp se geskiedenis en die verwoestende impak van apartheidswette soos die Ontugwet. Die narratief wissel tussen die perspektiewe van Mietjie en 'n polisieman wat terugkeer na die dorp vir 'n skoolreünie. 'n Klimaks word bereik wanneer Mietjie die polisieman konfronteer met die waarheid oor haar kleindogter Noekie se dood en die betrokkenheid van At van Aarde en haar man, Hennerik. 'n Verhaal van rou en die soeke na geneesing.



SOETDORING IN DIE RUIGTES

CHRISTIAAN BAKKES (H&R, R290)

Dit is 1916 en Caleb Kelly, 'n jong WOI-veteraan, keer getraumatiseerd terug na sy familieplaas in die Oos-Kaap. Wanneer olifante groot skade aanrig, is hy gereed om hulle voor die voet te skiet. Maar dan gebeur iets wat maak dat hy sy woede verruil vir 'n diepe vriendskap met 'n trop wat bedags tussen die plaasruigtes skuil.

Intussen word pogings tot groot-skaalse sitrusverbouing in die Sondagsriviervallei in die wiele gery deur olifante wat lemoenboorde stroop. Dewald Troskie, oorlogsheld en befaamde grootwildjagter, word aangestel om hulle uit te wis.

Feit verweef met fiksie neem lesers op 'n reis vanaf 1916 tot die stigting van die Addo-olifantpark in 1931.



ELEKSIE OP ERDVARK

RUDIE VAN RENSBURG (QUEILLERIE, R290)

Soois Swart het tans een ding wat in sy guns tel – sy eertydse bierpens is platter van die fietsry. Maar dis oor hy nie 'n kar kan bekostig nie. Of 'n huis of 'n rekenaar waarop hy sy artikels kan skryf nie. En sy aanmekeargekramde koerantjie bestaan ook maar net-net danksy die burgemeester se weeklikse advertensie waarvoor hy na dié sakeman se pype moet dans. Maar die mense van Erdvark gee nie om nie, want dis die enigste nuus wat hulle kry in hierdie dorpie sonder spoeltoilette, wifi, TV, tydskrifte of ander nuusbronne. Dis nou totdat die eleksie aanbreek, met twee nuwe kandidate wat Duimpie du Plooy wil aanvat vir die pos van eerste burger. En 'n nasionale koerant 'n span stuur om daagliks oor die eleksie te skryf.



DIE LAASTE LEUEN

ANITA DU PREEZ (QUEILLERIE, R320)

Sophia Blijdenstein stap verward in die donker teen die trap af en vind haar bloeiende sanger-man Max op die bank. Terwyl die mediese span met hom hospitaal toe jaag, ondervra die polisie haar. Daar is geen teken dat enigiemand anders hul pad inforseer het nie. Wanneer haar vingerafdrukke gevind word op die lamp waarmee die gewilde ster teen die kop geslaan is, word sy in hegtenis geneem. Sophia hét 'n motief gehad, maar die polisie hoef nie van Lila of die bakleiery oor haar te weet nie. Intussen kan sy self nie onthou wat daardie aand gebeur het om Max in 'n koma te laat nie. Te midde van 'n mediasirkus moet sy probeer uitvind wat gebeur het.



DRIE MISDADE IN 'N KNOOP

ELEANOR BAKER AS ALEX MULLER (H&R, R270)

Pasgetroud en smoorverlief kom speurder Adriaan Kruger en sy nuwe vrou, Karien, op Overberg in die Suid-Kaap aan. Hier kan hy haar veiliger hou, al beteken dit dinge is maar stil vir hom. Maar hulle het skaars uitgepak toe 'n grimmige boer van sy plaas af verdwyn, die dorpstannie wat almal se geheime ken vergiftig word, en 'n ou, onopgeloste saak weer onder sy aandag kom. En dit lyk baie asof dié saak met die ander twee verband hou. Adriaan is nie seker hoe nie, maar hy vermoed sterk as hy een van die sake oplos, sal die ander twee ook ontrafel kan word.



HINTERLAND

PIET VAN ROOYEN (NALEDI, R275)

'n Werklose swerwer wat hom voordoen as 'n linguïst, sluit aan by 'n ekspedisie op soek na die laaste oorblyfsels van 'n byna uitgestorwe, fabelagtige gorilla-ras. Hy is veral gefassineer deur die lenige Duitser Annegret, wat as dierkundige die ekspedisie meemaak. Sy slaag meestal daarin om hom op sy plek te hou terwyl hulle die hinterland ál dieper indring. Vanweë haar slegte ervarings by die dieretuin waar sy as jong meisie gewerk het, die meemaak van 'n tragedie op see, en die louterende beleving van die landskap en die inwoners, besluit sy gaandeweg om nie net die gorillas te probeer vind nie, maar ook te leer om met hulle te praat en by hulle te woon.



STERRE IS VIR ALTYD

SOPHIA KAPP (BOEKDIVA, R360)

Sy is Janie, die gewone eendjie wat haar eie verjaardagwegbreek Parys toe moes reël. Max is presies die tipe man vir wie sy geen ooghare het nie – mooi, macho, sexy en suksesvol, wat haar nóg meer gewoon laat voel. Maar Parys is 'n magiese plek waar selfs gewone eendjies romantiek vind. Hy lê die Stad van Liefde se skatte voor haar voete neer; sy kan haar hande oor 'n tafel uitsteek en hom anker. Al wat sy moet onthou, is dat die dae vol wonder en nagte vol passie 'n sprokie is. Selfs die familieplaas met die Alpe op die agtergrond wat hy met bloedgeld moes koop om die onreg van die verlede reg te stel, is deel daarvan. En as daar nou een eienskap is wat alle sprokies deel, is dit dat hulle tot 'n einde kom. Gaan sy, as sy terugkeer Suid-Afrika toe, dít wat sy vir hom voel met wortel en tak uit haar hart moet ruk? Of is daar dalk vir haar 'n verhaal wat beter is as 'n sprokie, een wat in die sterre geskryf is? *Sterre is vir altyd* is die eerste aflewering in 'n reeks oor die vier Barnard-susters deur Sophia Kapp.


FIKSIE



DIE AVONTURE VAN HELGA ROETS **RIAAN GROBLER (H&R, R320)**

Helga Roets is dalk aan die verkeerde kant van 80, maar jy kan haar steeds deur 'n ring trek, elke dag van die week. Die aanpassing by Silwerhare Aftreeoord in Pretoria was swaar, maar deesdae voel haar blyplekkie soos huis. Sy het darem nog haar motortjie waarmee sy gereeld rondrits. Dit kom dus as 'n groot skok wanneer die oogarts makulêre degenerasie in albei haar oë diagnoseer. En dis hoeka so 'n bedrywige week: twee begrafnisse, en Saterdag 'n troue in die Paarl. Ten spyte van haar kinders se teenkating glip Helga Dinsdag suutjies uit by die aftreeoord, bagasie gepak, reg om haar reisavontuur te begin. Maar wie wag onder die lampiaal? Niemand anders nie as Stefaans de Wet, so ewe van plan om haar op haar tog te vergesel – net omdat sy nie mooi kan sien nie.

NIEFIKSIE




BILTONG EN DIOR **LOUIS JANSEN VAN VUUREN (JONATHAN BALL, R320)**

As grootoogseun in die ou Oos-Transvaal het Louis Jansen van Vuuren nooit kon dink dat hy eendag die Franse kunswerke in 'n ensiklopedie in sy pa se studeerkamer in lewende lywe sou sien nie, wat nog te sê dat hy 'n château op die Franse platteland sou besit.

Sy liefde vir alles wat Frans is, is so aansteeklik dat 'n rits ander Suid-Afrikaners die afgelope paar jaar ook blyplekke in die Boussac-omgewing gekoop het. In *Biltong en Dior* deel hy kostelike vertellings oor hoe inkommers in 'n vreemde land met 'n haas onleerbare taal en eiesoortige gewoontes moet oorleef. Hulle leer baie oor Franse styl en kultuur, maar die Franse leer ook iets oor Suid-Afrikaners se onblusbare ondernemingsgees en gasvryheid. Louis se stories word verryk met boeiende brokkies oor die Franse geskiedenis, taal en kultuur. Uiteindelik gee hierdie Afrikaanse Fransman se lewe in die vreemde hom ook 'n nuwe waardering vir dit wat hom uniek en trots Suid-Afrikaans maak.

HANDWERK



THE DAILY ARTIST'S WAY

**JULIA CAMERON
(PROFILE, R350)**

Jare nadat haar *The Artist's Way* die wêreld oorrumpel het, gee Julia Cameron hier aan haar volgelinge 'n onfeilbare manier om die vreugde van kreatief wees elke dag van die jaar te ervaar. Met haar 'happie-grootte' daaglikse oefeninge en inspirasie kan jy jou kreatiewe momentum 'n jaar lank aan die gang hou. Haar benadering om jou innerlike kunstenaar te koester help jou om in die gewoonte te kom om elke dag kreatief te wees, hetsy deur inspirerende wenke, refleksie en klein projekte. Hierdie boek is die perfekte toevoeging tot die handwerkkamer van enigiemand wat nuwe betekenis en rigting in hulle lewe soek.



THE MACRAMÉ COMPANION

**CAROLINE BAYOL-LAVOUX
(SEARCH PRESS, R335)**

Leer die wêreld van koord navigeer met dié kompakte dog volledige macramé-gids. Die boek ontrafel elke aspek van die handwerk-vorm met raad oor koord-diktes, -kleure en vlegmetodes. Daar is 'n hoofstuk vir nuwelinge wat alles dek van projektebeplanning en koordlengtes tot hoe om jou werkspasie op te stel. Selfs ervare handwerkers sal die wenke oor die hantering van lang koordlengtes en snywerk waardeer. Die boek gee aanwysings vir 35 basiese knope, tegnieke en patrone, met gevorderde afdelings oor die inkorporering van kleure, krale en klippe. 'n Handsaakgrootte boek wat sowel leersaam as 'n vinnige verwysingsgids is waarna jy keer op keer sal terugkeer.



JUL IDEES

Ons hoor graag van jou! Vertel vir ons meer oor jouself, wat jou inspireer en waarmee jy alles besig is. E-posse en foto's is welkom.

LIEFDE MET JOU HANDE INGEWERK

My vriendin Ilse is 'n ou planmakertjie. Soos die MacGyver van ouds, sal sy vinnig 'n plan maak, of jy nou 'n laaste-minuut-'fancy dress' of hulp met 'n Sondagaand-skooltaak benodig. Sy sal dadelik nog 'n stoel nader skuif as 'n onbeplande gas opdaag en laat almal altyd welkom voel by haar huis. Sy sal byvoorbeeld dinge sê soos 'of jy vir vier mense kos maak of vir 24, dis maar dieselfde'. Nee, Ilse, dit is nie.

Elk geval, Julie laas jaar kry ek 'n oproep en só tref ons reëlins om Kersfees 2025 by hulle huis op Nsoko, Swaziland, te hou. Ons is 'n groot groep mense en Ilse kom toe weer met een van haar plannetjies.

Al die dames moet handgemaakte geskenke uitruil in plaas van goed gaan koop. So oor die volgende paar maande is daar gebrei en gestik, gevef en geplak. Uit my eie kombuis kom daar gegeurde kerse in glase en pakkies



soutkaramel-fudge en terwyl ek en my dogtertjie in die kombuis werskaf, vind ek weer 'n ou Kersvreugde: daardie gevoel wanneer 'n mens sien hoe jy die liefde met jou hande inwerk. 'n Teverdenheid wat 'n mens nie in 'n winkel kan aankoop nie.

Uit die skatkis van handgemaakte geskenkies wat Kersvader

in sy rooi kortbroek en kortmouhemp uitgedeel het, onder die lugversorging daar in die Swazi-hitte, het ook gekom 'n gehekelde sak, 'n vadoek met 'n materiaalvasmaakplek, oulike gevefde toiletrol- en wynbottelhousers, badbommetjies en 'his and hers'-vadoekvoorskote met borduurwerk op (die manne braai en die dames 'slaai').

Ons hoop om die tradisie voort te sit vir 'n Kersfees wat nie so 'plastiekerig' voel nie.

Yolandie Coetsee

✿ Stuur julle briewe en foto's per e-pos aan terena@ideasfactory.co.za met 'Jul ideas' in die onderwerpveld. Onthou asseblief om jou volle naam en adres in te sluit.
✿ Indien jou brief navrae bevat, verstrek asseblief ook jou telefoonnommer.

AIR MAIL

WENBRIEF



GOMVINGERS EN GLINSTEROË-DANKIES

Elke jaar wanneer die Kersseisoen nader kom, haal ek en my meisiekind ons kassie vol *Idees*-tydskrifte van oor die jare uit. Dit het al amper 'n ritueel geword – ons sit op die vloer, blaai deur die blaaie wat al sag gevat is van gebruik, en kies saam die volgende projek wat ons wil aanpak. Party van die versierings in ons huis is letterlik gebou uit julle *idees*: papiersterre, herwonne houtornamente, kleure wat ons self gemeng het, en handgemaakte geskenkies wat meer waarde dra as enigiets wat 'winkel toe' (ons naaste dorp is 130 kilometer ver) kan koop.

Ek is dankbaar vir die kreatiewe grootmaak wat ek deur *Idees* kan

deurgee – 'n liefde vir handwerk, vir skep uit niks, en vir die kosbaarheid van tyd saam (en dan oefen ons sommer 'lees' ook, want sy moet die instruksies self lees!). Hierdie oomblikke, met gom aan haar vingers en glinster in haar oë, is vir my groter skatte as enige Kersgeskenk onder die boom.

Dankie dat julle nie net 'n tydskrif is nie, maar ook 'n deel vorm van ons klein gesinnetjie se tradisies. Julle help my om my kind groot te maak met verbeelding, kreatiwiteit en 'n waardering vir klein momente ... wat in my oë eintlik die grootste is.

Maryke de Beer

DIE LEWE IS MOOI

Dis sesuur in die oggend en ek sit in ons sonkamer met 'n vreeslike saligheid wat oor my spoel. My babatjie van so amper vier maande oud het nou net haar eerste bottel vir die dag kafgedraf en sommer dadelik weer aan die slaap geraak. Nou het ek tyd om my te verlustig in my gunstelingtydskrif terwyl ek na die voëltjies sit en luister en drome droom oor al die lekker dinge wat 'n ma en dogter eendag saam sal kan doen. Dinge wat ek raaksien in *Idees* wat my sommer opgewonde maak en laat uitsien na die toekoms saam met my dierbare dogtertjie. Met my koppie koffie in die een hand en tydskrif op my skoot, blaai ek die bladsye een vir een deur, sien net mooi dinge daarbinne raak en dink by myself: Die lewe is mooi, om te droom oor dinge is mooi en wat 'n voorreg is dit nie om vroegoggend so bewus te kan wees van die Here se genade nie.

Amori Smith

SKRYF VIR ONS & WEN!

Maryke de Beer, die skrywer van hierdie uitgawe se wenbrief, ontvang 'n geskenkpak van NUXE ter waarde van R2 600. Die geskenkpak bestaan uit 'n Merveillance Lift The Exceptional Day & Night Cream (75 ml) en Merveillance Lift Firming Activating Oil-Serum (30 ml). Die NUXE Merveillance Lift-teenverouderingsreeks is geformuleer met 'n kragtige mikro-alg-olie. Lyntjies word dag ná dag versag, jou vel voel fermier en is sigbaar jeugdiger. Vir meer inligting, besoek orleanscosmetics.co.za.





Cecilia van der Walt ontvang 'n eksemplaar van Bridget McNulty se boek *Daily Glimmers: The Art of Finding Tiny Joys Every Day of the Year* (Penguin Random House, R320).

3-SEKONDE- OOMBLIKKE VAN GELUK

Die 'Gooi jou kreatiewe flikkers'-artikel in julle Vakansie 2026-uitgawe het my so geïnspireer. Ek kon nog altyd die *magic* in 'n vlietende oomblik voel, maar die 'drieseconde-mikro-oomblikke van vreugde' is so 'n raak manier om dit te beskryf.

Ek is 'n veearts van beroep en niks verskaf my groter plesier nie as 'n kliënt sê hulle waardeer my begrip of my glimlag of die manier waarop ek met hulle troeteldier werk. Dis so 'n klein oomblik, so 'n kort sinnetjie, maar dit bly my heeldag by. As 'n siek hondjie die eerste keer in dae iets eet, is dit pure vreugde en geluk voordat jy jou volgende taak aanpak.

Wanneer ek my golden retriever strand toe vat en hy hardloop die see in, draai om en kyk met soveel genot in sy oë na my, wens ek ek kon dit in 'n klein flessie sit en vir ewig saam met my dra. Nie net geniet ek die stappie, die son op my vel en die sout seebries nie, ek kan dit alles ook met hom deel.

Ek hou van kreatief wees en het verskeie kreatiewe uitlaatkleppe. Niks kom by die gevoel om iets klaar te maak nie – selfs daardie ver-van-perfekte projekte (wat dikwels in elk geval die lekkerste was!). 'n Voltooide hekelpoek, die laaste kwas-

haal van 'n skildery, selfs die aromas van 'n nuwe resep soos jy vir vriende opskep. Daardie klein eindes voel soos 'n stille viering (iets wat ek vanjaar harder gaan probeer doen).

Fotografie was nog altyd 'n belangrike deel van my lewe en help my om daardie *glimmers* raak te sien. Hoe spesiaal om 'n foto sommerso in die verbygaan te neem, dalk op pad iewers anders heen, en dan later te sien hoe die lig deur die boom se blare 'n oomblik gevries in tyd geskep het. Of jy ontvang jou filmfoto's terug en dis soos 'n klein tydskapsule waarin jy al daardie oomblikke kan herleef.

Ja, mens beplan vooruit om dinge te doen, te reis en herinneringe te skep, maar dit bly spesiaal om die klein vreugdes in elke dag te vind. Nie om vir die naweek te wag of net deur die *motions* te gaan nie, maar om werklik elke dag te beleef.

Ek wens julle baie drieseconde-oomblikke van geluk toe vandag!

Cecilia van der Walt

DIE UITKRING- EFFEK VAN KLEIN KLIPPES

Julle artikel oor 'daily glimmers' in die Vakansie 2026-uitgawe het my laat dink aan die konsep van *pebbling*: klein, amper niksseggende goedjies wat 'n groot impak het.

My *daily glimmers* sluit in ...

- Om uiteindelik my yskas reg te pak
- Te luister hoe die skottelgoed-wasser sy werk (of myne!) doen
- Om ietsie op my Elna te gaan stik terwyl die rys kook
- Om ná 21.30 die TV-afstand-beheerder vir 'n wyle te kan 'beheer'
- Die gevoel van *YES!* as ek daardie bokshou plant (op my instrukteur se *mitts*)
- Om die regte (vinnigste) baan te kies in die verkeer
- Om 'n *synchronicity*-oomblik met 'n vriendin te beleef

Die lys is nimmereindigend.

Magdeleen Malan

MY LYSIE VAN KLEIN VREUGDES

Goedjies wat daagliks vir my vreugde verskaf:

- My kind se glimlag soggens
- My kind wat sê: 'Lief vir jou, Mamma'
- Wakker word met voëltjies wat sing
- Die gespin van my katte
- Die rustigheid van water wat loop as ek my spuitfontein aansit
- Die reuk van my eerste koppie koffie vir die dag
- Oggend-boodskappies van my hartsmense
- Die voorreg om nog 'n nuwe dag te kan ervaar

Carina van Tonder



'N WÊRELD VOL IDEES

TEKEN IN EN LOOP NIE 'N ENKELE
UITGAWE VAN IDEES MIS NIE!

VIR 'N JAARLIKSE INTEKENING
VAN R374 ONTVANG JY VIER MAAL
PER JAAR JOU GEDRUKTE
EKSEMPLAAR VAN IDEES.*

JY KAN OP EEN VAN DIE
VOLGENDE MANIERE INTEKEN:

* SKAKEL 087 353 1291 (Maandag tot
Vrydag 8 vm. tot 4.30 nm.).

* E-POS JOU NAAM EN
KONTAKBESONDERHEDE AAN
idees@onthedot.co.za

(OF AAN ideas@onthedot.co.za
VIR DIE ENGELSE UITGAWE).**

OF

TEKEN JAARLIKS OP DIE DIGITALE
TYDSKRIF IN TEEN SLEGS R340
OF KOOP 'N ENKELE DIGITALE
EKSEMPLAAR TEEN R90:

* GAAN NA ZINIO BY www.zinio.com/za/ideas vir jou digitale intekening.

OF

* LAAI DIE IDEES-APP AF EN KOOP
ONS DIGITALE EKSEMPLEARE (sien die
besonderhede hiernaas).



HET JY JOU DAAGLIKSE DOSIS
KREATIEWE INSPIRASIE NODIG?
MOET DAN NIE ONS NUUTSTE
DIGITALE UITGAWES MISLOOP
NIE. LAAI EENVOUDIG ONS APP AF
EN JY HET DIE TYDSKRIF OP JOU
VINGERPUNTE.

BEPALINGS EN VOORWAARDES

* Jou intekengeld is vooruitbetaalbaar. • Die aanbod geld slegs tot
11 Junie 2026 en is net vir mense wat in Suid-Afrika woon. • Vir ander lande,
doen asseblief per e-pos navraag by ideas@onthedot.co.za. • Jou betaalopdrag
kan aangepas word indien die omslagprys verhoog word. • Geen gratis SMS'e
word aanvaar nie. • Om ononderbroke diens te verseker word jou intekening
outomaties hernu en betaling per uitgawe gevorder.

** Deur hierdie besonderhede te verstrek gee jy vir *Idees* toestemming
om jou per e-pos of per SMS te kontak.

* Vind ons onder IDEES TYDSKRIF
in die APPLE APP STORE.
* Koop 'n ENKELE DIGITALE EKSEMPLAAR
teen slegs R99,99 of teken op 'n JAAR SE
UITGAWES in teen R349,99. As jy 'n uitgawe
mislloop het, kan jy enige tyd op die
uitgawe klik en dit by jou mandjie voeg om
jou IDEES-biblioteek volledig te maak.

Lééf met hart & siel

HERFS 2026
RSA R110
(R14,35 BTW ingesluit)
NAMIBIE NS115



Skep asem

KUNS BRING GENESING

Dié skeppendes vind vreugde deur die Here met hul talente te dien

NUWE RUBRIEK
Ons eer en leer by ikoniese Bybelvroue!



2 TIMOTEUS 1:7

'n Tydskrif vir gelowige vroue wat die mooi in die lewe vier!

AS JOU HARTSMENSE (TE) VER WOON ...
Behou só 'n hegte band ná emigrasie

'N GOEIE HUWELIK NÁ 60
Daaglikse keuses vir liefde wat hóú



Corlea

"Deur swaarkry en sukses bly my stem my offer"

SENSORIESE IK
Help jou kind om beter te presteer

MAAK WEGNEEMETES IN JOU LUGBRAAIER
Van burgers tot pizza in 'n japtrap!

"Die Gees wat God ons gegee het ... vul ons met krag en liefde"

PROPVOL SIELSKOS EN INSPIRASIE!

Maak seker jy kry jónu eksemplaar van die Herfs 2026-uitgawe van *Lééf met hart & siel* in die hande. Nou te koop.



KRY JOU VOLGENDE



idees

VRYPAG

12
JUNIE

OOS, WES, TUIS BES

- Kleur jou kombuis soos 'n skildery in
- Speel saam huis-huis
- Piepklein en prettige maakgoed



Vul die honger mae met heerlike pasteie

